MATIE-land



JAARGANG 1 NOMMER 3 DESEMBER 1957

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH



DIE STANDARD BANK VAN SUID-AFRIKA BEPERK

(Geregistreerde Handelsbank)

„Die oudste naam in die Suid-Afrikaanse Bankwese"

BIER

Gesondheid

Grondstowwe vir die brou van Suid-Afrikaanse bier word in Suid-Afrika deur Suid-Afrikaners geproduseer — van gars afkomstig uit die Westelike Provinsie en Noord-Transvaal en hop gekweek in die distrik George.

BISA

Uitgereik deur die Brouers-Instituut van Suid-Afrika



LOOPBANE by YSKOR

Die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR), met meer as 20,000 werknemers (blank en nie-blank), as die grootste produsent van yster en staal in Suid-Afrika, verskaf in sy organisasie geleentheid vir interessante loopbane van sowel tegniese as administratiewe aard.

In die tegniese personeel is daar vakatures vir tegniese kwekelinge (d.w.s. vir gegradueerdes in die Chemiese, Elektrotegniese, Werktuigkundige en Mynbou-Ingenieurswese); vir Skeikundiges en Metallurge (in albei gevalle gegradueerdes); vir Laboratoriumassistente (gematrikuleerdes met skeikunde) en vir Vakleerlinge in die verskillende bedrywe. Ook word manne tot die ouderdom van 30 jaar voortdurend benodig vir opleiding as produksiewerkers.

Vir gegradueerdes in die Handel en Lettere of met ander aanneemlike universiteitsgrade of vergelykbare kwalifikasies is daar poste as administratiewe kwekelinge, terwyl gematrikuleerde jongmanne in aanmerking kom vir aanstelling as klerklike assistente.

Yskorwerknemers geniet die voordele van 'n bydraende Pensioenfonds, 'n Mediese Bystandsfonds, 'n Huiseienaarskema, 'n Verlofbonus, ontspanningsfasiliteite, e.d.m. Vir getroude werknemers is behuising beskikbaar op Vanderbijlpark, Thabazimbi en op Sishen, terwyl huisvesting vir ongetroude werknemers in hierdie sentrums ook beskikbaar is.

Verdere inligting is verkrygbaar by die Personeelbestuurder.

SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK

Posbus 450 **PRETORIA**

VRA OM WOLNIT SUPER-SOKKIES

—en aanvaar geen plaasvervangers nie!

Van reknylon, breë rek hou hulle
Terylene-en-reknylon of wol-en- op sonder om die been te knel.
reknylon mengsel. So lekker sag, jy voel
Net een grootte—pas elke voet. hul skaars.
Sak nie af nie— Verkrygbaar in pragtige kleure.

12 MAANDE LANK GEWAARBORG

Wolnit Super

DIE SOKKIES WAT HUL GELD DUBBELD EN DWARS WERD IS

VZ38?/A

VIR ENERGIE VOOR DIE WEDSTRYD!

K O O -Vrugtesappe — hulle verskaf u energie en stukrag vir enige kragmeting. KOO-Vrugtesappe verhoog u weerstandsvermoë, gee u m e e r lewenslus en veerkragtigheid — en is heerlik. Hulle smaak beter as vars vrugte. Goed om te drink en goed vir u — KOO-Vrugtesappe.

KOO 'BOORD-VARS' **VRUGTESAPPE**

DIE SPESIAAL-VOORBEREIDE DRANKIE VIR DIE SPORTMAN

Pynappel verskaf lewenslus!

Ander gunsteling-geure: Lemoen, Pomelo, Koejawel, Tamatie, Appelkoos, Perske, Pruim.



N.S. WEES ALMAL SE GUNSTELING! TRAKTEER U VRIENDE OP KOO-VRUGTESAPPE — HULLE VERSKAF ENERGIE DWARSDEUR DIE JAAR

MATIELAND

Uitgegee vir Oudstudente
en Donateurs deur die

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN
DR. ERNST VAN HEERDEN
MET MEDEWERKING VAN
DIE INLIGTINGSBURO VAN DIE UNIVERSITEIT

JAARGANG 1 · DESEMBER 1957 · NO. 3

INHOUD

REDAKSIONEEL

Die Universiteit en die Gemeenskap 7
Ons Blad 7
Die Oud-Matiekleurbaadjie 9
Ons Adverteerders 10

UNIVERSITEITSNUUS

Reynolds-skildery van dr. D. F. Malan aan U.S. Geskenk 10
F.A.K.-Erepenning aan dr. D. F. Malan 11
Stellenbosch Vereer 'n Oud-professor 13
Coates-Versameling aan U.S. Geskenk 13
Knopies vir Geologie-studente 15
Goethe-Medalje aan prof. Trümpelmann 15
Hoeksteenlegging van Militêre Akademie 16
Nederlandse Geleerdes Besoek Stellenbosch 18
Konferensie i.s. Kernfisika 18
Leningheffingsertifikate as Skenkings 19
Dosente Oorsee met Beurse 20
Eregrade in 1957 Toegeken 20

ARTIKELS

Die F.A.K.-Kongres oor Afrikaanse Volksmusiek 21
Die Fakulteit van Landbou Ontgroei sy Kinderskoene 22
My Soektog 23
Die Konservatorium vir Musiek 25
Die Departement van Fisika hou tred met Moderne Behoeftes 26
Vyfde Vakansiekursus in Koöperasieleer 27

BRIEWEBUS

Dr. M. Boehmke 28
Mnr. D. C. Uys 29
Mev. D. Musiol 29
Mnr. D. G. du Plessis 29
Mnr. J. A. Spruijt 30
Prof. M. S. Taljaard 30

VAN HEINDE EN VERRE 31

NUUS VAN OUD-MATIEBOND-TAKKE 32

STIGTING VAN NUWE TAKKE VAN DIE OUD-MATIEBOND 33

REDAKSIONEEL

DIE UNIVERSITEIT EN DIE GEMEENSKAP

DIE moderne universiteit het in die jongste dekades uit die periferie van sy akademiese afgesonderdheid meer en meer na die sentrum van die praktiese, dinamiese volkslewe beweeg. Dit sien 'n mens veral op die gebied van die wetenskap waar die universiteit meestal die voortou met navorsing geneem het en in hoë mate bygedra het tot die moderne ontwikkelinge in die kernfisika, die lugvaartkunde, die aërodinamika en talle ander afdelings van die wetenskap.

Wat Stellenbosch betref, is dit in hoë mate die geval. Die Universiteit het nie alleen sy bestaande fasiliteite aansienlik uitgebrei om aan te pas by die snel-toenemende behoeftes van die land nie; dit het ook nuwe fakulteite (soos dié van Ingenieurswese, Geneeskunde en Bosbou) en nuwe kursusse (soos dié in Voedseltegnologie, Krygskunde, Biblioteekkunde) ingestel.

Ook in die buite-akademiese sfeer is daar duidelike tekens dat Stellenbosch in die wydste sin van die woord volksdiens lewer en terselfdertyd tred hou met moderne behoeftes. Stellenbosch word al meer en meer die sentrum van kongresse, byeenkomste en groepvergaderings. Onlangs bv. is die F.A.K.-kongres vir Afrikaanse volksang en volksmusiek hier gehou, benewens 'n vakansiekursus in koöperasieleer en 'n kort kursus in huishoudkunde. Die Universiteit is ook ten nouste verbonde met die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede (SABRA), op die Hoofbestuur waarvan 'n hele aantal universiteitsdosente dien.

Ook wat die Groot Afrikaanse Woordeboek betref, is daar noue samewerking met die Universiteit: die Universiteit gee 'n geldelike bydrae en huisvesting aan die Woordeboek; die Rektor is lid van die Raad van Beheer en Administrateur van die Woordeboek, en 'n groot aantal dosente van die Universiteit is behulpsaam met die kontrolering van definisies.

Stellenbosch is ook meermale die sentrum van kongresse van die Landbou-Unie van die Winterreënvalstreek, en ongeveer elke derde jaar hou die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns hier sitting.

Die belangstelling van buite in die Universiteit neem elke jaar toe. Gereeld kom buitelandse groepe by die Universiteit besoek aflê om op hoogte te kom van die bedrywighede van 'n tipiese Afrikaanse Universiteit. Die Amerikaanse handelsending wat Suid-Afrika vanjaar besoek het, was bv. diep onder die indruk van ons uitstekende fasiliteite en veral van die bedrywighede in die Fakulteit van Handel.

'n Universiteit soos dié van Stellenbosch verkeer in 'n besonder gunstige posisie om sy taak as opleidings- en navorsingsinrigting te paar met die lewering van nasionale diens. Dié volksdiens lê nie alleen in die abstrakte gebied van die Afrikaanse denke en die Afrikaner-lewensbeskouing, waarvan Stellenbosch so 'n belangrike draer en vertolker is nie. Dit lê ook in die klinkende bydraes wat Stellenbosch as Universiteit lewer in sake van die dag, in die praktiese probleme van die Afrikaner soos hy hom al meer en al doeltreffender aanpas by die eise van 'n moderne, ontwikkelende maatskappy.

Ons Blad

DIE huidige nommer van „Matieland" is die derde wat vanjaar verskyn en daarmee word die eerste jaargang van die oudstudenteblad in sy nuwe gedaante voltooi. Die Universiteit is nou in 'n posisie om aan te kondig dat die blad, behoudens onvoorsiene omstandighede, gereeld in die toekoms drie keer per jaar sal

Die Universiteitsraad. — Naaste aan kamera: *Dr. M. S. Louw.* Verder (om tafel): *Prof. W. J. Pretorius, prof. F. D. du T. van Zijl, dr. T. E. Dönges, L.V., prof. H. E. Brink, mnr. P. K. Morkel, prof. M. H. Slabber, mnr. L. F. van Coppenhagen, mnr. J. W. Sleigh, prof. F. X. Laubscher, mnr. A. J. Lubbe (Asst.-Registrateur), mnr. P. O. Sauer, L.V., mnr. A. P. Venter, L.P.R., prof. S. J. Pretorius (Registrateur), ds. J. S. Gericke (Vise-Kanselier), prof. H. B. Thom (Rektor), prof. B. B. Keet, prof. J. F. Kirsten, adv. J. H. Conradie, L.V.*
Inlasse: *Prof. A. C. Cilliers, mnr. J. F. Kirsten, mnr. A. F. Markötter.*

verskyn. Die publikasiemaande is vasgestel op April, Augustus en Desember en alle kopie vir die onderskeie uitgawes moet respektiewelik op 1 Maart, 1 Julie en 1 November in hande van die Redakteur wees. Lesers en ondersteuners weet dus ongeveer wanneer hulle die blad kan verwag. Vir ons administrasie by die Inligtingsburo en ook vir ons medewerkers en adverteerders is dit gerieflik om vaste publikasiedatums vir „Matieland" te hê.

Dit het gou ná die verskyning van die eerste nommer van „Matieland" duidelik geword dat die blad in 'n groot behoefte voorsien en by duisende oud-Maties aangename herinnerings aan en toegeneentheid teenoor die Alma Mater wakker geroep het. Dié indruk is ná die verskyning van die tweede uitgawe nog versterk; dit is duidelik dat oudstudente graag op hoogte bly van ontwikkelinge aan die Universiteit, dat hulle hul studentemaats deur middel van die blad wil „opspoor" en dat daar by almal 'n groot bron van welwillendheid en lojaliteit teenoor Stellenbosch bestaan.

Ons lesers sal bemerk dat die huidige nommer weer artikels bevat wat 'n verskeidenheid van kulturele en wetenskaplike sake dek. Die bedoeling is juis om met stukke oor die prestasies, ontwikkeling of toekomsplanne van die verskillende afdelings, departemente en fakulteite aan die Universiteit iets vir elkeen se gading te bied. Ons sal dit verwelkom as oudstudente by geleentheid 'n wenk of twee wil opstuur i.s. een of ander departement waarvan hulle meer wil hoor. Vir die eerste keer het ons ook 'n „skeppende" bydrae as artikel — van mev. Audrey Blignault — wat op haar kenmerkende wyse aan 'n stukkie van die verlede lewende gestalte gee.

Sedert mnr. Mike Pienaar se voorstel in ons vorige nommer i.s. die stigting van 'n „Matieland"-fonds om die druk- en verspreidingskoste van die blad te help dek, het verskeie oudstudente ter ondersteuning van die wenk aan ons geskryf. Enkele aanhalings uit sulke briewe sal die lesers in hierdie nommer vind. Ook in persoonlike gesprekke het 'n taamlik algemeen verbreide opvatting by baie oud-Maties aan die lig gekom dat die lesers van die blad self tot so 'n fonds behoort by te dra. In opvolging van 'n wenk van mnr. D. G. du Plessis van Bellville sluit ons hiermee 'n los vorm in wat lesers kan gebruik as hulle in hierdie verband 'n bydrae wil doen. Ons dank hulle by voorbaat vir hulle ondersteuning.

Weer eens wil ons al die persone bedank wat sedert die verskyning van die vorige nommer aan ons geskryf het. Sommige van die persoonlike brokkies wat hulle opgestuur het, kon ons in die „Van Heinde en Verre"-rubriek gebruik, ander briewe van 'n algemene strekking staan onder „Briewebus". Ons ruimte is natuurlik beperk, en skrywers wat g'n vermelding van hulle briewe teëkom nie, moet asb. aanneem dat ons dit met waardering en belangstelling gelees het. Ons wil graag briewe hê van lesers wat in verafgeleë plekke of ongewone omstandighede werksaam is of wat van ervarings kan vertel wat die „gewone" oud-Matie nie aldag op die lyf loop nie. Tabakboere in Rhodesië, olifantjagters in Tanganyika, petroleumingenieurs op Bahrein, geoloë in Nigerië, reisigers in die ou kultuurstede van Wes-Europa, hoe lyk dit? Loop julle ooit 'n mede-Matie raak?

Die Oud-Matiekleurbaadjie

IN ons vorige nommer is 'n beroep op ons oudstudente gedoen om hul menings i.s. die voorgenome verandering van die oud-Matiekleurbaadjie te kenne te gee. Tot dusver het sowat 80 oud-Maties oor die saak aan ons geskrywe. Veral die dames het met konkrete voorstelle gekom; soos 'n gewaardeerde vriendin van Bredasdorp dit gestel het: „die idee van 'n diep maroenkleur met 'n gepaste wapen lyk my uitstekend — dit bied vir ons dames baie meer moontlikhede as die oue met sy ondienlike wit."

Nege-tiendes van die oud-Maties wat oor die onderwerp geskryf het, is nie tevrede met die huidige oudstudente-baadjie nie en hulle verlang 'n effekleurige baadjie wat of swart of blou of maroen sal wees. Een persoon het 'n grys baadjie voorgestel, met 'n oorlangse geel en maroen strepie om die moue en bo aan die sakke. Ander het daarop gewys dat die Kweekskoolstudente 'n swart baadjie dra met hul eie wapen op die bo-sak; ook is die feit genoem dat die Paul Roos-Gimnasium se skoolkleurbaadjie effekleurig maroen is.

Die voorlopige voorstelle kan soos volg saamgevat word:

(i) die baadjie moet effekleurig wees, met of sonder omboorsel;
(ii) dit moet geskik wees om by 'n gewone grys langbroek te dra;
(iii) dit moet eenvoudig maar treffend wees;
(iv) dit moet maklik herkenbaar wees as 'n oud-Matiebaadjie; en
(v) dit moet nie te ver van die grondkleure van die Matiebaadjie afwyk nie.

Dit is duidelik dat al hierdie eienskappe moeilik in een baadjie verenig kan word, maar dit is die ideaal waarna gestreef word.

Die Voorsitter van die Kleurekomitee van die Studenteraad wat die aangeleentheid hanteer, wil graag 'n vollediger meningsuiting van oudstudente hê voor verder in die saak gehandel word. Dis miskien 'n goeie idee om te doen wat die Wellingtonse tak van die oud-Matiebond gedoen het: die Bestuur bespreek die saak en maak 'n vaste voorstel. (Wellington stel voor: „Die oud-Matiekleurbaadjie moet 'n maroen agtergrond hê met 'n omboorsel van 'n dun goud en wit strepie, met op die sak die gewone Matiewapen en die woord OUD-MATIES onder.")

Lesers wat nog idees en voorstelle het, word dringend versoek om in hierdie verband te skrywe aan: Die Redakteur, Matieland, Universiteit, Stellenbosch.

Ons Adverteerders

DIE Universiteit wil graag die adverteerders in „Matieland" vir hulle blyke van vertroue en welwillendheid bedank. Hulle het met volgehoue steun duidelik bewys dat hulle graag hulle sake-ondernemings of handelsware bekend stel aan die duisende lesers van ons blad wat oor die hele land werksaam is, dikwels sleutelposisies beklee en in hulle onderskeie gemeenskappe mense van aansien en gesag is. Ons vertrou dat ons lesers op hulle beurt die goedwilligheid van ons adverteerders sal erken deur hulle op praktiese wyse te ondersteun en, les bes, te noem dat hulle die advertensie in „Matieland" gesien het.

UNIVERSITEITSNUUS

Reynolds-skildery van dr. D. F. Malan aan U.S. geskenk

BY 'n spesiale funksie op Woensdag, 23 Oktober deur die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch en mev. H. B. Thom gereël, het die Britse skilder, mnr. R. P. Reynolds, sy groot portret-skildery van dr. D. F. Malan aan die Universiteit van Stellenbosch oorhandig.

Mnr. Reynolds is 'n onlangse immigrant uit Brittanje en 'n verwant van sir Joshua Reynolds (1723-92), die beroemde portretskilder, skrywer van die *Discourses* en die eerste President van die Royal Academy of Art. Mnr. en mev. Reynolds het spesiaal vir die plegtigheid van Johannesburg gekom. Mnr. Reynolds het onder die indruk van dr. Malan se sterk persoonlikheid gekom en het die skildery gemaak om dr. Malan staande in karakteristieke houding te toon. Volgens gesaghebbendes is die werk 'n uitstekende voorbeeld van die portretkuns.

Mnr. Reynolds het gevoel dat hy as welwillendheidsgebaar teenoor Afrikaanssprekendes die skildery aan die Universiteit van Stellenbosch wil aanbied — die Universiteit waarvan dr. Malan die Kanselier is, waar hy sy vorming as student deurgemaak het en waar hy as leidsman so hoog gewaardeer word.

In die teenwoordigheid van dr. en mev. D. F. Malan, die Rektor en mev. H. B. Thom en die Visekanselierskomitee en die Uitvoerende Komitee van die Universiteit, het mnr. Reynolds sy skildery aan die Universiteit oorhandig. Mnr. Reynolds het gesê dat sy skenking 'n gebaar is om die eenheid van die Afrikaans- en Engelssprekendes te bevorder. Suid-Afrika moet nog dié land van die wêreld word. Hy het dit as sy eie aangeneem en wil sy kinders hier sien opgroei. Mnr. Reynolds het ook gesê dat hy die skildery nêrens so graag sou wou sien hang as in Stellenbosch nie.

In sy bedankingswoord het prof. Thom die waardering van die Universiteit vir hierdie kosbare geskenk uitgespreek en het hy mnr. Reynolds bedank vir dié simbool van sy goeie gesindheid teenoor die Universiteit en die

Oorhandiging van die Reynolds-skildery van dr. D. F. Malan aan die Universiteit. Van l. na r. *Mev. R. P. Reynolds, mev. D. F. Malan, prof. H. B. Thom, dr. D. F. Malan, mnr. R. P. Reynolds, mev. H. B. Thom.*

Afrikaanse kultuurstrewe wat dit verteenwoordig. Die portret versinnebeeld karakter en beslistheid — alles wat die Afrikaner behoort na te streef. Mnr. Reynolds se geskenk is 'n waardevolle en blywende bydrae deur middel van die kuns tot die verstewiging van die betrekkinge tussen die twee blanke volksgroepe in die land.

F.A.K.-Erepenning aan dr. D. F. Malan

EEN van die hoogtepunte van die F.A.K.-kongres vir Volksmusiek wat in Oktober op Stellenbosch gehou is, was die oorhandiging van die erepenning vir kultuurwerk aan dr. D. F. Malan, gewese Eerste Minister en Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch.

Prof. H. B. Thom, die Voorsitter van die F.A.K., het in sy huldigingsrede o.m. gesê: „Hierdie is 'n mooi geleentheid om die eerste erepenning van die F.A.K. vir blywende kultuurwerk aan 'n Afrikaner te oorhandig wat 'n lang pad van selfverloënende volksdiens geloop het: ons hooggeagte, hoog gewaardeerde en geliefde dr. D. F. Malan." Die groot gehoor het met volgehoue applous hul byval met die eerbetoon betuig en staande hulde gebring aan dr. Malan.

Prof. Thom het gesê dat daar baie redes is



Prof. H. B. Thom, Rektor van die Universiteit van Stellenbosch en Voorsitter van die F.A.K., oorhandig die F.A.K.-erepenning vir kulturele werk aan dr. D. F. Malan, afgetrede Eerste Minister en huidige Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch. Die plegtigheid het plaasgevind tydens die F.A.K.-kongres vir Afrikaanse Volksmusiek wat in Oktober op Stellenbosch gehou is.—Foto: „Cape Argus."

waarom die erepenning aan dr. Malan toegeken word. Daar is sy oortuigende en meeslepende redenaarstalent waarmee hy groot gehore intens kan boei. Daar is sy buitengewone kritiese vermoë en sy helderheid van oordeel. Daar is sy suiwere aanvoeling van wat in die Afrikanerhart omgaan sodat hy die reaksies van die volk kan bepaal en begryp. En daar is sy onuitblusbare werkkrag en sy hele lewe van doelbewuste, onverpoosde arbeid.

Afgesien van hierdie oorwegings en sy groot bydrae op die staats- en politieke terrein, is daar ook die mooi dinge in verband met dr. Malan se persoonlike lewe: sy liefde vir sy huis en gesin waar hy 'n pragtige voorbeeld gestel het. Want 'n gesonde familielewe is die grondslag van 'n volk se geestelike en morele welsyn. Daar is ook sy onwankelbare godsvertroue — een van die treffende punte van ooreenkoms wat hy met President Kruger het.

Dr. Malan was een van die sterkste kampvegters vir die erkenning van Afrikaans en sy stryd het begin kort nadat hy uit Nederland teruggekeer het en voorsitter van die Afrikaanse Taalvereniging op Stellenbosch geword het. Onvergeetlik is sy beroemde voorlesing wat hy hier gehou het onder die titel: „Dit is ons ernst," waarin die wekroep tot die Afrikaner uitgegaan het dat hy met sy eie taal moet woeker. En in 1925 was dit hy wat die wet ter erkenning van Afrikaans as offisiële landstaal naas Engels deur die Parlement geloods het. Hiermee het hy 'n treffende kultuurdaad verrig wat van die allergrootste betekenis in

die kultuurgeskiedenis van die Afrikaner is en wat vir dr. Malan in die hart van elke regskape Afrikaner 'n tere en onvernietigbare plek besorg het.

Prof. Thom het ten slotte gesê dat woeste branders al oor ons volkslewe geslaan en oor die hoof van dr. Malan gebreek het, maar hy het soos 'n vaste rots bly staan. Onveranderd en ongeskonde het hy die geweld van alle aanslae verduur. Só was hy, en só is hy vandag nog.

Na hy die erepenning in ontvangs geneem het, het dr. Malan in 'n gevoelvolle toespraak gesê dat hy dit as 'n besondere eer beskou, te meer waar hy die eerste persoon is wat die F.A.K.-penning kry. Met 'n tikkie selfspot het hy gesê dat hy verras is om vir kultuurwerk bekroon te word, hy wat g'n digter, prosakunstenaar of skilder is nie. Al wat hy op die terrein gedoen het, was om te werk vir die erkenning van Afrikaans: „ons enigste, ons eie, gebore uit ons volk."

Die hulde kom hom nie alleen toe nie, maar ook die ander wat saam met hom gewerk het. En altyd op die agtergrond het Stellenbosch gestaan — sy kweekplek en sy inspirasie. Daarom spreek hy nie alleen dank uit vir die groot eer hom aangedoen nie, hy sê ook dankie aan Stellenbosch vir wat dit vir hom en duisende Afrikaners gewees het en nog is.

Stellenbosch vereer 'n oud-professor

DIE drie-en-dertigste deel van die *Annale van die Universiteit van Stellenbosch* wat pas verskyn het, is aan die nagedagtenis van prof. S. James Shand, wêreldberoemde petroloog en grondlegger van die Departement van Geologie en Mineralogie van die Universiteit van Stellenbosch, opgedra.

Shand is op 29 Oktober 1882 in Edinburgh, Skotland, gebore. Sy belangstelling in Petrologie het aan die Universiteitskollege, Dundee (tans die Queen's College van die Universiteit van St. Andrews) begin waar hy in 1905 die B.Sc.-graad behaal het. Daarna het hy die Ph.D.-graad aan die Universiteit van Münster en die D.Sc.-graad aan die Universiteit van St. Andrews behaal.

In 1911 is hy as professor in die Departement van Geologie en Mineralogie van die Victoria-Kollege (wat in 1918 deur die Universiteit van Stellenbosch vervang is) aangestel. Hierdie betrekking het hy met onderskeiding gevul tot 1937 toe hy aangestel is as professor in petrologie aan die Universiteit van Columbia. In 1949 het hy dié betrekking neergelê en na Skotland teruggekeer. Op 19 April 1957 is hy in Dundee, Skotland, oorlede.

Prof. Shand is alom deur sy kollegas en studente bewonder en bemin. Ten einde die regte leiding en raad aan sy studente te gee, het hy 'n studie van hulle agtergrond, probleme en ambisies gemaak. Hy was 'n uitstekende tennisspeler, groot rugby-entoesias en het selfs 'n aantal Intervarsity-liedjies vir die Maties geskryf. Proff. D. L. Scholtz en M. S. Taljaard van die Departement van Geologie van die Universiteit van Stellenbosch was albei studente van prof. Shand.

Gedurende die ses-en-twintig jaar wat hy aan die Universiteit van Stellenbosch verbonde was, het hy sy belangrikste bydraes tot die geologiese literatuur gemaak. 'n Besonder groot aantal naslaanwerke en artikels het uit sy pen verskyn. Hy kan beskou word as die vader van die Suid-Afrikaanse Petrologie en het die *Draper Memorial Medal* van die Geologiese Vereniging van Suid-Afrika in 1937 verwerf. Met sy dood het daar 'n groot gaping in die wêreld se lang ry van uitstaande petroloë ontstaan.

Die *Annale* waarna ons reeds verwys het, bevat elf hoogstaande verhandelinge van nagraadse studente van die Departement van Geologie. Aan die skrywers van vier van dié verhandelinge is die Corstorphine-Medalje en die eerste prys van die Geologiese Vereniging van Suid-Afrika toegeken. Hulle is S. Maske, V. Vellett, J. D. T. Otto en B. F. Weilers. Aan W. J. Verwoerd is die Junior Scott Memorial-Medalje vir 1954 toegeken.

Coates-versameling aan U.S. geskenk

MEV. ALBERT COATES, weduwee van die beroemde dirigent en komponis, het 'n besonder waardevolle versameling musiekboeke en -manuskripte aan die Universiteit van Stellenbosch geskenk. Mev. Coates, die bekende dramatiese sopraan Vera de Villiers, en haar eggenoot was groot vriende van die

Oorhandiging van die Coates-versameling aan die Universiteit. Van l. na r.: *Mnr. R. H Behrens (Waarn. Hoof Konservatorium), Mev. Vera Coates en die Rektor, prof. H. B. Thom.*

Universiteit en het verskeie kere saam met studentekore van Stellenbosch opgetree. By geleentheid van 'n spesiale funksie is die Coates-versameling sowel as 'n groot deel van mev. Coates se eie boekery aan prof. Thom, die Rektor van die Universiteit, oorhandig.

Die Coates-versameling is van onskatbare waarde en veral die musiekstudente en musiekliefhebbers sal groot baat daarby vind. Dit bevat die volledige orkespartiture van al die operas, simfonieë, toondigte en ander werke van Coates, en ook 'n groot aantal onverkrygbare boeke. Die laaste opera van Coates, *Tafelberg se Kleed,* is in 1952 met die Van Riebeeck-fees in Kaapstad opgevoer.

Die versameling wat nou in 'n kamer in die Konservatorium vir Musiek gehuisves word, bevat ook die partiture van 'n groot aantal werke deur klassieke en romantiese komponiste en veral van die Russiese meesters, soos Rimski-Korsakov en Moessorgski.

'n Ander belangrike deel van die skenking is die groot hoeveelheid vokale musiek. Daar is 'n paar honderd partiture van operas, oratoriums, kantates en motette, onder meer 'n aantal Bach-kantates. In die stapels sangbundels is al die belangrikste meesters van die lied verteenwoordig. Die skenking bevat ook 'n waardevolle versameling van volksmusiek uit baie lande.

Saam met die boeke en bladmusiek het mev. Coates 'n bronsbeeld van haar man wat deur Mitford Barberton van Kaapstad gemaak is,

en 'n skildery van Arthur Nikisch, die gevierde Duitse dirigent en Coates se leermeester, aan die Universiteit geskenk.

Albert Coates is in 1882 in Rusland gebore waar sy vader sakekonneksies gehad het. As jong kind het hy voor die beroemde Tchaikowski gespeel en later was hy 'n leerling van Rimski-Korsakov en ook bevriend met Scriabin. As volwasse kunstenaar het sy roemryke loopbaan hom na al die groot musieksentra van die wêreld gevoer. Hy was dirigent in Leipzig, Dresden, St. Pietersburg, Londen, Parys, Madrid, Rome, Milaan, New York en het orals briljante suksesse behaal. Hy was veral beroemd vir die buitengewone krag en magnetisme van sy dirigeerkuns en vir sy dinamiese vertolkings van die werke van Brahms, Wagner, Richard Strauss en die Russiese meesters. Ook as platekunstenaar was hy bekend. Hy het in 1946 na Suid-Afrika verhuis en is in 1953 in Milnerton, Kaapstad, oorlede.

By die oorhandiging van die kosbare versameling het prof. Thom, die Rektor van die Universiteit, gesê dat die skenking 'n aanwins van die allergrootste belang vir Stellenbosch is en dat die Universiteit mev. Coates daarvoor innig dankbaar is. Die tasbare herinnering aan die lewe en werk van 'n groot musikus sal vir die huidige en toekomstige geslagte van studente 'n inspirasie bly.

Knopies vir Geologie-studente

DIE idee het by prof. M. S. Taljaard ontstaan om 'n reeks metaalknopies aan studente en oudstudente van die Departement van Geologie beskikbaar te stel. Die ontwerp op die knopies stel twee geologiese hamers voor, omsluit deur 'n goue ketting en met die letters U.S.G. (Universiteit Stellenbosch — Geologie) daarop.

Die bedoeling met die knopies is om 'n gevoel van saamhorigheid onder al die oudstudente van die Departement Geologie aan te kweek en om 'n gesindheid van kollegialiteit in die praktyk te bevorder. Daar word verwag dat oudstudente graag die knopies sal wil dra en dat hulle sodoende ook makliker, veral buite Stellenbosch, van mekaar se bestaan te wete sal kom.

Die knopies is in verskillende kleure beskikbaar, om die jaarkursus aan te dui wat die

Knopie vir Geologie-studente.

betrokke persoon in geologie voltooi het. Blou dui Geologie I aan, rooi Geologie II, groen Geologie III, terwyl violet die M.Sc.-graad en swart die D.Sc.-graad se kleur is. Die knopies kos 5/- elk en kan van mej. H. Smuts, Tegniese Assistente, Departement Geologie, Universiteit, Stellenbosch, bestel word. Sal persone wat bestel, asb. die posgeld vir terugsending insluit? Die 5/- dek die koste van die knopie plus 'n klein restant wat in die biblioteekfonds van die Departement Geologie gestort word.

Goethe-medalje aan prof. Trümpelmann

'N BESONDERE onderskeiding is deur prof. dr. G. P. J. Trümpelmann verwerf met die toekenning van die Goethe-medalje van die Goethe-Instituut in Frankfurt, Wes-Duitsland. Persone wat werk van hoogstaande gehalte buite Duitsland gelewer het ter bevordering van die Duitse taal en letterkunde kom vir hierdie prys in aanmerking.

Die toekenning word nie outomaties elke jaar gedoen nie; alleen as daar 'n verdienstelike kandidaat is, word die medalje uitgereik en dan op Goethe se verjaardagdatum, 28 Augustus. Die prys is al voorheen toegeken

aan prof. Pekka Katara van Helsinki, prof. Murat Kamil van Kairo, prof. Giovanni Angelo Alfero van Genoa en prof. Waterhouse van Sydney. Prof. Trümpelmann is die eerste Suid-Afrikaner om dié onderskeiding te behaal.

Prof. Trümpelmann is sedert 1954 hoogleraar in Duits aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy is op 7 September 1903 in Pretoria gebore waar hy ook aan die Universiteit gestudeer het. Aan die Universiteit te Leipzig het hy die doktorsgraad in die Duitse letterkunde verwerf en later ook die D.Phil.-graad in Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria. Sy proefskrif vir laasgenoemde graad handel oor die geskiedenis van die Boere in Suidwes-Afrika en is in die Argief-Jaarboek gepubliseer.

Dr. Trümpelmann se publikasies is deels geskiedkundig, deels filologies en deels letterkundig van aard. Hy het in Duitsland besondere erkenning gekry vir sy spesiale studie van die Duitse koloniale letterkunde. Onder sy wetenskaplike publikasies is daar 'n bundel kortverhale spesiaal vir gebruik in Suid-Afrika saamgestel, 'n bloemlesing Duitse ballades en 'n omvattende Afrikaans-Duitse woordeboek (in medewerking met prof. Schulze van Potchefstroom).

By 'n spesiale onthaal deur die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch en mev. H. B. Thom aangebied, is die Goethe-medalje deur die Duitse Konsul in Kaapstad, mnr. O. E. Heipertz, aan prof. Trümpelmann oorhandig. Mnr. Heipertz het gesê dat dit hom verheug dat die medalje deur 'n Stellenbosse geleerde verwerf is, omdat daar van oudsher af 'n besondere wedersydse verhouding bestaan tussen die Duitse kuns en lettere en die jong Afrikaanse kultuur waarvan Stellenbosch so 'n belangrike draer is.

Prof. Trümpelmann het in sy bedankingswoord gewag gemaak van die atmosfeer van kollegialiteit en aanmoediging wat hy aan die Universiteit van Stellenbosch aangetref het. Die beste beeldhouer kan nie veel uitrig sonder plooibare, simpatieke materiaal om mee te werk nie en daarom sien hy die bekroning ook as 'n pluimpie vir die studerende Afrikaanse jeug en as wedersydse aanmoediging vir die beste wat ons beide volke kan lewer.

Die Rektor het later die volgende brief van waardering van mnr. Heipertz ontvang:

Kapstadt, den 26. September 1957

Seine Magnifizenz
der Rektor der Universität Stellenbosch
Professor H. B. Thom
STELLENBOSCH.

Eure Magnifizenz!

Nach der schönen Veranstaltung, in der Sie mir Gelegenheit gaben, Herrn Professor Dr. Johannes Trümpelmann die ihm von dem Goethe-Institut verliehene Goethe-Medaille zu überreichen, möchte ich Ihnen auch hiermit noch einmal meinen verbindlichsten Dank für die grosszügige Förderung und Gastfreundschaft aussprechen.

Ich bin überzeugt, dass neben der Tatsache der Verleihung als solcher der Rahmen, den Sie diesem Ereignis gaben, die bestehenden guten Beziehungen zwischen der Universität von Stellenbosch und der Bundesrepublik Deutschland weiter gestärkt hat.

Ich schätze mich glücklich, dass ich bei diesem Anlass die Universität und zahlreiche Angehörige des Lehrkörpers kennenlernen durfte und verbleibe mit der Bitte um Empfehlungen an Ihre Frau Gemahlin Euer Magnifizenz

sehr ergebener

w.g. Otto E. Heipertz
Konsul

Hoeksteenlegging van Militêre Akademie

TOE die Minister van Verdediging, Sy Edele adv. F. C. Erasmus, L.V., die hoeksteen van die nuwe Militêre Akademie in Saldanha op 28 September gelê het, was dit 'n besondere gebeurtenis vir die hele land en ook vir die Universiteit van Stellenbosch.

Die Universiteit het 'n paar jaar gelede in samewerking met die Regering 'n graad in die krygskunde ingestel en elke jaar het gekeurde studente van die Militêre Gimnasiums tot hierdie kursus toegetree. Die samewerking van die Universiteit en die militêre owerhede en dosente was altyd van die beste en die plan is dat hierdie samewerking



Groep by Hoeksteenlegging Militêre Akademie, Saldanha. Staande van l. na r.: *Luit.-Instr. P. J. Joubert, Luit.-Kmdr. G. J. Janse van Rensburg; Kapt. M C. van Zyl; Kapt. F. J. Meiring, Kapt. H de V. du Toit; Kapt. C. M. Bakkes.* Sittende van l. na r.: *Maj. D. E. Nel; Kol. P. J. G. de Vos; Prof. dr. H. B. Thom, Sy Edele adv. F. C. Erasmus, L.V., Minister van Verdediging; Komdt.-Genl. H. B. Klopper, D.S.O., Maj. J. E. Potgieter.*

in die toekoms sal voortbestaan. Nog steeds sal die militêre studente hul eerste jaar op Stellenbosch deurbring, daarna gaan hulle na die Militêre Akademie om die res van die kursus onder leiding van hul eie dosente daar te volg en uiteindelik word aan die suksesvolle kandidate die B.Mil.-graad (Natuurwetenskaplike of Lettere-rigting) deur die Universiteit toegeken.

In sy toespraak by die hoeksteenlegging het die Minister o.m. gesê: „Hierdie is 'n groot dag — een waarna ons reikhalsend uitgesien het. Die hoeksteenlegging van Suid-Afrika se eerste Militêre Akademie kan voorwaar tel onder die grootste gebeurtenisse in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Weermagte. Hier word vandag nie net 'n hoeksteen in die letterlike sin gelê nie, maar ook in die figuurlike sin van die woord — hierdie Akademie is bestem om vir die toekoms een van die vernaamste hoekstene van ons hele Verdedigingsmag, land, lug en vloot, te vorm."

Later het die Minister verwys na die aandeel wat die Universiteit van Stellenbosch aan die opleiding van die militêre studente

het: „Toe besluit is om die Akademie hier op Saldanha op te rig op 'n plek wat geskik is vir aldrie weermagsdele — Land, Lug en Vloot — het die Universiteit van Stellenbosch goedgunstiglik ingewillig om die Militêre Akademie die toekoms in te help dra. En so het die Akademie 'n deel geword van die Universiteit van Stellenbosch. Die offisiere wat aan die Akademie kwalifiseer sal dus grade van die Universiteit van Stellenbosch ontvang. Aan prof. dr. Thom en ander professore en lektore wil ek graag 'n spesiale woord van dank rig vir wat hulle alreeds gedoen het om die Akademie in sy wordingskredes so suksesvol te help lei. Dit is vir ons 'n eer dat ons militêre studente verbonde kan wees aan 'n Universiteit soos Stellenbosch wat so 'n lang verlede het en wat al so ryk is aan tradisies van ons volk. Die Dekaan van die Akademie, kol. prof. De Vos, en die ander dosente van die Akademie kan verseker wees dat hulle die seënwense van die hele volk agter hulle het in hulle groot taak."

Die plegtigheid te Saldanha is deur die Kommandant-generaal van die Weermag, die hoofde van die verskillende afdelings van die Weermag, die hoof en dosente van die Militêre Akademie, sowel as deur prof. H. B. Thom, die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, en mnr. P. J. Lombard, Inligtingsbeampte van die Universiteit, bygewoon.

Nederlandse geleerdes besoek Stellenbosch

ONDER die Kultuurverdrag tussen die Unie van Suid-Afrika en Nederland word 'n stelsel gevolg waarvolgens twee geleerdes van Nederland elke jaar die Unie besoek en ook twee Suid-Afrikaners 'n reis deur Nederland onderneem. Die doel van die wedersydse besoeke is om lesings te hou en om kontak met akademiese en ander persoonlikhede te verkry.

Verlede jaar bv. was prof. Fischer, die beroemde regsgeleerde van Leiden, op 'n rondreis deur die land en het hy 'n aantal interne lesings in die Regsfakulteit op Stellenbosch waargeneem wat met groot vrug deur die studente bygewoon is.

In September het die Universiteit as besoeker uit Nederland verwelkom: prof. dr. K. H. Voous, hoogleraar in die Soögeografie aan die Vrije Universiteit, Amsterdam, en Konservator en Waarnemende Direkteur van die Soölogiese Museum van Amsterdam. Prof. Voous is 'n gesaghebbende op die gebied van die voëlkunde en hy het ook in sy amptelike hoedanigheid in Junie die Ornitologiese Kongres in Livingstone bygewoon.

Prof. Voous het 'n aantal lesings aan studente in die biologiese wetenskappe gegee. Hy was onder die indruk van die omvang van die navorsingsfasiliteite en die standaard van die werk wat in die betrokke departemente aan die Universiteit van Stellenbosch gedoen word.

In Oktober was prof. dr. H. Wagenvoort, emeritus professor in Latyn aan die Rykuniversiteit te Utrecht, die gas van ons Universiteit. Prof. Wagenvoort is lid van talle letterkundige en oudheidkundige verenigings en het 'n groot aantal werke op sy vakgebied die lig laat sien. Op Stellenbosch het hy twee openbare voorlesings gelewer wat lewendige belangstelling gewek het, t.w. oor „Antieke Wortels van modern Bijgeloof" en „Reacties op de klassieke vorming in de moderne Nederlandse letterkunde."

Die persoonlike en wetenskaplike belang van hierdie besoeke van Nederlandse geleerdes kan nie oorskat word nie. Die kennis en ervaring wat so wedersyds opgebou word, kan van groot waarde vir akademiese kringe in Nederland en in Suid-Afrika wees. Die Universiteit is besondere dank verskuldig aan die instansies wat hierdie vrugbare kontakte moontlik maak.

Konferensie i.s. Kernfisika

OP 27 en 28 September 1957 het verteenwoordigers van die agt Suid-Afrikaanse Universiteite in Stellenbosch vergader vir belangrike samesprekings in verband met Kernfisika-opleiding en -navorsing.

Nadat die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch (prof. H. B. Thom) die afgevaardigdes verwelkom het, is prof. H. Verleger van die Universiteit van Pretoria tot voorsitter en prof. P. B. Zeeman van die Universiteit van Stellenbosch tot sekretaris van die vergadering verkies. Die ander afgevaardigdes was soos volg:

Proff. R. Guelke en W. Schaffer van die Universiteit van Kaapstad; proff. J. Fairbrother en H. Rund van die Universiteit van Natal; prof. J. Loubser van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat; prof. P. Stoker van die Universiteit van Potchefstroom; prof. H. L. de Waal van die Universiteit van Pretoria; prof. J. Gledhill van die Rhodes-Universiteit; proff. A. C. Cilliers, A. Heydorn, F. X. Laubscher, E. Rohwer en dr. E. van der Spuy van die Universiteit van Stellenbosch, en prof. F. Nabarro van die Universiteit van die Witwatersrand.

Die besprekings het 'n wye veld gedek en verteenwoordigers van al die Universiteite het daaraan deelgeneem. Ons vertrou dat hierdie belangrike samesprekings verreikende gevolge sal hê.

Die Rektor van die Universiteit het Vrydagaand, 28 September, 'n dinee vir die afgevaardigdes aangebied. Dit was vir die Universiteit 'n groot genoeë om die afgevaardigdes van die ander Universiteite te ontvang, en hulle het op hulle beurt die verblyf op Stellenbosch aangenaam en interessant gevind.

Leningheffingsertifikate as Skenkings

ENIGE jare gelede het die Regering 'n verpligte besparing ingestel waarvoor betalers van inkomstebelasting 'n leningheffingsertifikaat as bewys ontvang het. Hierdie sertifikate is na die verloop van 'n sekere aantal jare uitbetaalbaar ten gunste van die belastingbetaler.

Nou het sekere goedgesinde persone die wens uitgespreek om hierdie „vergete" bedrae as skenking aan die Universiteit oor te dra.

Na onderhandelings met die Tesourie het die Kommissaris van Binnelandse Inkomste hom bereid verklaar „om die Universiteit se bankiers te magtig om die rekening van die Universiteit te krediteer met die totale waarde van enige Leningheffingsertifikaat waartoe die Bank deur die oorspronklike houer opgedra is om in te vorder en aan die Universiteit oor te betaal".

Persone wat houers is van sulke leningheffingsertifikate en dit aan die Universiteit wil oordra, gaan as volg te werk:

(a) Hulle vul die volgende volmag in en heg 'n 1/- inkomsteseël daaraan:

1/- Inkomsteseël

VOLMAG

Skenking van Opbrengs van Leningheffingsertifikaat

Ek (volle naam in blokletters).....

..... magtig hiermee DIE STELLENBOSSCHE DISTRIKSBANK BPK. om op vervaldag van Leningheffingsertifikaat No.

..... vir £..... wat in my naam uitgereik is, die opbrengs van gemelde sertifikaat in te vorder en die bedrag daarvan te krediteer op rekening van die Universiteit van Stellenbosch.

Geteken te .....

op hierdie ..... dag van

..... 195.....

.....
(Handtekening)

Adres:

.....

.....

Getuie: .....
(Handtekening)

(b) hulle onderteken die oorspronklike sertifikaat en verklaar dat die Universiteit van Stellenbosch se rekening met die waarde daarvan gekrediteer word;

(c) hulle onderteken die kwitansie op die sertifikaat (die datum van ondertekening hoef egter nie op die kwitansie ingevul te word nie, aangesien die Bank dit sal doen wanneer die sertifikate uitbetaal word);

(d) hulle stuur die volmag en sertifikate aan die Universiteit.

Die Universiteit vertrou dat goedgesinde persone hierdie gerieflike wyse om 'n skenking aan die Universiteit te doen, sal verwelkom en gebruik daarvan sal maak.

Dosente oorsee met beurse

DR. S. F. R. GÖLDNER wat wyle prof. E. T. Stegmann as professor in Wiskunde opgevolg het, het beurse van die „Mathematical Institute of New York" en van die Raad vir Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsing ontvang en het in September na die Verenigde State vertrek waar hy hoofsaaklik aan die Universiteit van New York sal studeer. Mev. Göldner (dr. M. S. M. Beyers van die Fakulteit van Opvoedkunde) het prof. Göldner vergesel en hoop om in Boston, Chicago, Yale en Harvard verdere studies te doen op die gebied van kliniese en kindersielkunde.

Aan prof. P. A. Theron van die departement Sielkunde is 'n Carnegie-navorsingsbeurs toegeken. Hy het na die „Harvard Business School" aan die Harvard-Universiteit in Massachusetts, V.S.A., vertrek om navorsing in industriële sielkunde te doen.

Dr. F. C. Fensham, lektor in Semitiese Tale, het na die Johns Hopkins-Universiteit in Baltimore, V.S.A., vertrek waar hy argeologie onder prof. F. Allbright sal studeer. Dr. Fensham het 'n uitruilbeurs onder die program van die Amerikaanse „Exchange of Persons" ontvang.

Dr. J. B. du Toit, lektor in die departement Sosiologie het 'n „International House Scholarship" verwerf en sal hom aan die Universiteit van Chicago veral op die industriële sosiologie toelê.

Dr. H. P. Malan, senior lektor in Chemie, het met 'n beurs van die Raad vir Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsing na die V.S.A. vertrek om navorsing in radio- en kernchemie te doen.

Mej. Erika Wittman, lektrise in Huishoudkunde, het 'n studietoekenning van die Duitse Akademiese Uitruildiens ontvang en hoop om volgende jaar vir verdere studie na die Universiteit van Hamburg te vertrek.

Mej. A. F. Steyn, tegniese assistente in die departement Sosiologie, het die Koningin Victoria-gedenkstipendium verwerf. Sy het ook 'n reisbeurs van die Amerikaanse Regering gekry en het reeds na Chicago vertrek om die algemene sosiologiese teorie en veral die gesinslewe in Amerika te bestudeer.

Eregrade in 1957 toegeken

DIE Raad en die Senaat van die Universiteit van Stellenbosch het vanjaar eregrade toegeken aan drie persone wat buitengewone dienste aan land en volk bewys het.

Die eregraad D.Phil. is toegeken aan die weleerw. heer Senator J. M. N. Breedt op grond van die voortreflike dienste wat hy veral in belang van die opheffing van die Kleurlingbevolking in Kaapland gelewer het. Die toekenning van die eregraad deur ons Universiteit is 'n welverdiende erkenning vir die bydrae van 'n groot sendeling op die gebied van die opvoeding, die sending en gesonde rasseverhoudings in ons land.

Aan Hoofregter H. A. Fagan is die eregraad LL.D. toegeken, as blyk van waardering vir sy uitmuntende prestasies as regsgeleerde en vir sy bydraes op die gebied van die Afrikaanse kultuur en letterkunde.

Sen. komdt. die edelagbare C. A. van Niekerk, President van die Senaat, het die eregraad D.Phil. ontvang. Die toekenning geskied op grond van sy lang en eervolle openbare loopbaan en die voortreflike dienste wat hy binne en buite die Parlement aan Suid-Afrika bewys het. Hierdie „trotse aristokraat" van die Suid-Afrikaanse politiek, soos hy genoem is, het met sy verdraagsaamheid, takt en vasberadenheid 'n onuitwisbare stempel op die Afrikaanssprekende se politieke en nasionale lewe afgedruk.

ARTIKELS

Die F.A.K.-Kongres oor Afrikaanse Volksmusiek

deur MNR. P. McLACHLAN

HIERDIE kongres was sonder twyfel een van die belangwekkendste gebeurtenisse in die geskiedenis van die musiek in Suid-Afrika. Dit was die eerste kongres van sy soort in ons land, en dit is meer as verblydend dat dit deur 'n groot aantal verteenwoordigende en uitgelese afgevaardigdes en besoekers bygewoon is. Daar was selfs 'n verteenwoordiger uit Tanganyika.

Die meeste van die besoekers het tuisgegaan in die universiteitskoshuis Lydia, waar die bekwame prinsipale, mej. Nel, aan hulle 'n gelukkige verblyf verseker het. Dat die vergaderings in die Konservatoriumsaal plaasgevind het, is nie sonder betekenis nie, aangesien hierdie saal 'n eervolle plek beklee in die annale van die musiekontwikkeling in Suid-Afrika. Die verrigtinge het glad verloop onder die knap voorsitterskap van ons Rektor, prof. Thom, sy hoedanigheid as voorsitter van die F.A.K. Almal het met waardering getuig van die hartlike en feestelike stemming wat deurgaans geheers het.

Groot belangstelling en entoesiasme is voortdurend tydens die referate en besprekings aan die dag gelê. Dr. C. G. S. de Villiers (Stellenbosch) het die reeks referate ingelei oor die onderwerp: „Die belangstelling in die Westerse volkslied 'n eeu oud." In sy eie onderhoudende informele trant het hy vertel van die belangrike werke in verband met die optekening van die volkslied in die verskillende Wes-Europese lande, en spesiaal gewys op die ontwaking wat gevolg het ná die verskyning, honderd jaar gelede, van die Liederschatz van die broers Erk van Duitsland. Dr. De Villiers se lesing is toegelig met 'n aantal plate uit sy unieke versameling.

Dit moet as 'n klinkende kultuurdaad beskou word dat die F.A.K. daarin geslaag het om mnr. Jan Bouws van Amsterdam te laat oorkom as eregas en spreker by hierdie geleentheid. Hierdie Nederlander wat nog nooit tevore in ons land was nie, het almal diep beïndruk, nie alleen met sy ywer en liefde vir ons land en sy musiek nie, maar ook met sy grondige en wetenskaplike kennis van ons volksmusiek. Miskien is dit die mees bevrugtende uitwerking van mnr. Bouws se besoek dat hy ons ons eie onkunde op die gebied laat besef het.

Dr. G. G. Cillie, jnr. (Stellenbosch) was die regte persoon om te praat oor die Afrikaner se gewyde volksmusiek. Hy het in een bondige referaat die volgende aspekte behandel:

(i) Die herkoms van ons erfenis van gewyde musiek;
(ii) die omvang van die erfenis;
(iii) 'n waardebepaling van die erfenis;
(iv) ons toekomsverpligtinge t.o.v. die erfenis.

Die gevaar van vervlakking, en die verdringing van kosbare ou Franse en Duitse melodieë deur Engelse en Amerikaanse gewyde liedere van swakker gehalte, het hy treffend beklemtoon.

Die baie moeilike onderwerp: „Hedendaagse Afrikaanse komposisies" is opgedra aan mnr. Anton Hartman (S.A.U.K., Johannesburg). Dit het nie alleen besondere takt vereis nie, maar ook buitengewone musikale insig. 'n Mens voel gelukkig dat die Afrikaner kan beskik oor 'n man soos Hartman wat hom so meesterlik van hierdie opdrag kan kwyt. Mnr. Hartman se lesing was ook tegelykertyd 'n voorbereiding vir die konsert van hedendaagse komposisies wat die aand gevolg het, en waar o.a. Arnold van Wyk en Hubert du Plessis persoonlik opgetree het.

Een van die referate wat die flinkste bespreking uitgelok het, was die van prof. B. Kok (Bloemfontein) waarin hy die invloed van die radio, grammofoon, komponiste van ligte musiek en uitgewerye behandel het. Dr. Kok het op oortuigende en besonder raak wyse op die ernstige bedreiging van „musikale pornografie" gewys. Die positiewe sowel as die negatiewe rol wat die radio kan speel, het ook helder na vore gekom.

Die belangrikheid van die volksmusiek vir die groot komponiste van die verlede was die onderwerp van die slotreferaat deur dr. J. J. A. van der Walt (Potchefstroom). Hy het met die deeglikheid van 'n geskoolde musikoloog aangetoon hoe die volksmusiek deur die eeue op spontane sowel as doelbewuste wyse die werke van komponiste beïnvloed het.

Nog twee aandprogramme moet vermeld word. O.l.v. dr. I. D. du Plessis het 'n groep Maleiers uit Kaapstad 'n uitmuntende program aangebied. Die spontaneïteit en vitaliteit waarmee hierdie mense hul volksmusiek deur baie geslagte reeds beoefen, het aansteeklik ingewerk op die groot waarderende gehoor. Die laaste aand van die kongres is gewy aan die werke van ons ouer komponiste soos Eyssen, S. le R. Marais, Endler en andere. Dit was waarlik 'n feesaand waaraan nege van ons vooraanstaande sangers en sangeresse deelgeneem het. Hulle is begelei deur 'n alombekende persoon wat self 'n groot rol gespeel het in verband met die bevordering van ons volksmusiek, t.w. mej. Joan van Niekerk.

Ons glo dat die heilsame vrugte van hierdie besielende kongres nie sal uitbly nie.

(Aantekening van die Redakteur: „Een van die interessantste lesings by die Kongres is deur mnr. McLachlan, die opsteller van hierdie verslag, self gelewer. Hy het 'n aktuele aspek van die kongresonderwerp gedek, nl. die taak van die skool en die huis ten opsigte van die volksmusiek. Hy het daarvoor gepleit dat die klassikale musiekonderwys waardeur kinders in groepe kan leer om aktief musiek te beoefen en besielende musikale ervarings op te doen, in Suid-Afrika tot sy reg sal kom. Ons musikale opvoeding bestaan nog te dikwels net uit individuele onderrig in klavierspel wat tot so 'n mate op professionalisme afstuur, dat dit nie in die gemoedsbehoeftes van die deursnee kind kan voorsien nie. Mnr. McLachlan se prikkelende referaat het groot belangstelling gewek.")

Die Fakulteit van Landbou ontgroei sy kinderskoene

deur PROF. J. C. SWART

DIE Fakulteit van Landbou beleef vanjaar sy veertigjarige bestaan. Van sy oudstudente is reeds manne en vroue van gevorderde leeftyd, trouens 'n aansienlike groep oudstudente van 'n tweede generasie is in wording. Dit sal nie lank duur voor 'n derde generasie hulle kom aanmeld nie, 'n generasie wat, hopelik met trots, sal kan sê dat hulle oupas en oumas onder die eerste studente van die fakulteit getel het.

Reeds vroeg in 1915 is die eerste samesprekinge oor die stigting van 'n landbou-fakulteit aan die ou Victoria-Kollege gehou en is besluit om Minister F. S. Malan oor die saak te nader. Eers in 1917 is die saak finaal beklink en die Fakulteit van Landbou as vierde fakulteit tot die reeds bestaande fakulteite van Lettere en Wysbegeerte, Wis- en Natuurkunde en Opvoedkunde gevoeg. Die fakulteit dateer dus uit die laaste jaar van die Victoria-Kollege.

Aan die begin is drie professore benoem, tewete A. I. Perold, J. H. Neethling en J. P. du Buisson, om die aanvoorwerk te doen. Prof. Du Buisson is ongelukkig binne 'n jaar na sy aanstelling oorlede. Hierdie klein gideonsbende is gedurende die eerste vier of vyf jaar aangevul deur professore O. S. H. Reinecke, I. de V. Malherbe, Gilles de Kock, J. H. W. Reimers, P. A. van der Byl, C. K. Brain, J. F. W. Grosskopf, J. S. Marais en mej. Ivy van der Merwe as lektrise in Huishoudkunde wat toe nog onder dié fakulteit geressorteer het.

Genoemde persone het nie alleen die fondamente van die fakulteit goed en vas gelê nie, maar het 'n stempel op hoër landbouonderwys en landbounavorsing geplaas wat nie maklik uitgewis sal word nie. Van hierdie eerste ou staatmakers is professore Neethling, Reinecke en Malherbe nog altyd in die tuig. Namate die werksaamhede vermeerder het en nuwe vakrigtings tot die bestaande gevoeg is, het ook die personeel uitgebrei wat volgens die jongste Jaarboek uit sowat 15 professore en 15 lektore bestaan.

Tot 1926 het die Fakulteit met sy proefplaas „Welgevallen" onafhanklik van die

Departement van Landbou gestaan hoewel die Universiteit jaarliks 'n globale som vir die instandhouding van die fakulteit van genoemde departement ontvang het. In hierdie jaar is, as gevolg van 'n ooreenkoms tussen die Universiteit en die Departement van Landbou, die Stellenbosch-Elsenburgse Landboukollege van die Universiteit van Stellenbosch in die lewe geroep, bestaande uit die Fakulteit van Landbou, die Elsenburgse Landbouskool met sy personeel en die proefplase van die Universiteit en die Departement. Laasgenoemde sou alle finansiële verantwoordelikheid aanvaar hoewel vir alle akademiese werk van universitêre aard die fakulteit as 'n integrale deel van die Universiteit beskou sou word. Die dosente aan die fakulteit moes hierna egter deeltydse of voltydse staatsamptenare word en is ook vir departementele dienste buite die fakulteit verantwoordelik gehou. Hierdie samesnoering van die personeel en fasiliteite van twee apartstaande inrigtings het onteenseglik 'n groot invloed ten goede op die landbouontwikkeling van die streek en die landbouopleiding in die besonder gehad.

Om na al die oudstudente wat die fakulteit verlaat het te verwys, sal 'n onbegonne taak wees want daar moes gedurende sy bestaanstydperk ruim 1,500 of meer studente uit die fakulteit gegradueer het. Hulle het van al die provinsies van die Unie en sy buurstate gekom, selfs vanuit Brittanje en Europa. Ons tref hulle weer as oudstudente aan in feitlik alle gebiede van Afrika en sover as Israel. Dit kan met veiligheid aanvaar word dat hulle in sleutelposisies in staatsdepartemente, as dosente aan Universiteite en Landboukolleges, as onderwysers en prinsipale van skole en opleidingskolleges, as landbouinspekteurs, fabrieksbestuurders, tegniese adviseurs, landbounavorsers en tegnici, landbouredakteurs en so meer reeds 'n sterk invloed op die ontwikkeling van die landbou moes uitgeoefen het.

In die Departement van Landbou alleen tref ons sowat 21 oudstudente as direkteure en onderdirekteure aan terwyl die hoof sowel as die onderhoof van die hele tegniese diens van genoemde departement oudstudente is; almal persone wat weens hulle sleutelposisies groot verantwoordelikheid dra en rigting aan die ontwikkeling van ons landbou moet verleen.

Ook in ons landbou-organisasies tref ons hulle as voorsitters en ondervoorsitters van verskeie landbou-unies en ook as skakelbeamptes van verskeie landbou-organisasies aan. Onder die oudstudente tel ook 'n Minister en 'n Administrateur.

Die krag en aansien van 'n Universiteit en derhalwe ook 'n fakulteit lê egter nie net in getalle studente nie maar veral in die aard en gehalte van die navorsingswerk wat sy nagraadse studente in samewerking met en onder leiding van sy doserende personeel doen. Ook in dié opsig het die fakulteit in die afgelope veertig jaar sy bydraes gelewer. Ter staving hiervan is die reekse verhandelings oor navorsingswerk op die rakke van die Carnegie-biblioteek en die baie publikasies in tydskrifte hier en in die buiteland waarin resultate van die proefwerk bekend gestel is. Die fakulteit het nie alleen navorsers die land ingestuur nie maar het self bygedra tot die oplossing van belangrike landbouprobleme, die verhoging van die landbouproduksie en die welvaart van die bevolking. Dit is die uitlewe van sy leuse: „Al delwende opwaarts".

My Soektog

deur AUDREY BLIGNAULT

Waarna sou ek soek?

AS ek weer kon teruggaan na Stellenbosch, na die lentestad van my jeug, die dorp vol son en akkerblare, waarna sou ek dan soek?

Heel eerste sou ek seker die Pieke soek, soos 'n mens altyd as jy na lange jare weer op Stellenbosch kom, eerste die Pieke soek. Ek sou die Pieke soek, want ek weet dat húlle nie weggegaan het soos ek weggegaan het nie en dat húlle nie verander het soos soveel in die lewe met die gang van die jare verander het nie. Húlle wissel maar net met die weer-

kaatsing van die son en met die glans van die wolke en die lug. En altyd weer as my oë na jare op die twee hoë bergspitse rus, dink ek met dankbaarheid aan dié dinge wat nie verander nie en herken ek met vreugde die hoë omlysting van die bron waaruit ek die eerste blink straaltjie van 'n wonderlike nuwe stroom sien vloei het.

As ek die Pieke gevind het, waarna sou ek dan soek? Na die wit skuimstrepe oor die sonblink klippe in Eersterivier? Na 'n wag-'n-bietjie-brug oor die winkende water en die maanblomgeur van lenteliefde? Na die tyelose stemming van ou bome en droomstil tuine in Dorpstraat? Seker sou ek die ou vertroude paadjies volg op soek na die skoonste ure van my jeug. Miskien, as ek fyn luister, hoor ek weer 'n bekende voetstap om die hoek van my ou koshuis kom. Miskien herken ek nog na jare 'n geheime fluitgroet onder my venster. Miskien, wie weet, sal ek selfs in 'n verdroomde skemeruur onder die bloekombome tussen Wilgenhof en Monica die vrolike meisietjie herken wat eenmaal ék was. Ek sal haar aan haar rooi georgette-rok en haar stadige pas oor die droë bloekomblare herken. Ek sal skaam wees vir haar omdat sy so jonk is en so gretig en so ontoegeeflik. Maar ek sal haar darem in die verbygaan groet met 'n hoë woord van Keats of Kloos. Ons sal vir mekaar toegeeflik knik, en dan maar weer ons weë gaan in die waan dat ons mekaar ken.

Ek sou soek na die goeie ou maats wat saam met my was op die lentefees van ons jeug. Ek sou stemme herken wat 'n warmte om my hart bring. Ek sou gesigte sien wat my deur die jare bygebly het en met dankbaarheid sou ek onthou wat ek van hulle ontvang het, die ryk geselsure, die opwindende argumente, die diep-bevredigende saam-geniet, saam-werk, saam-leef. Nooit weer is 'n mens so ryk aan ongedwonge, gelykwaardige vriendskap soos in jou studentedae nie. Daarom weet ek dat ek op die wandelpaaie van my jeug met dié vriende saamstap wat my hart ken.

Al met die plataanbome in Victoriastraat af, sal ek loop op my bedevaart na die ou lesingsale waar die towervensters eenmaal vir my oopgegaan het op die skuim van 'n lokkende see om die onbetrede kus van 'n nuwe wêreld — die wonderlike, onweerstaanbare wêreld van die gees. Ek soek die saal waar Pappatjie Van Braam met sy ligblou oë na binne gekeer, op 'n najaarsmiddag in bloemryke Nederlands uit die *Aeneas* vertaal en deur sy verwonderde, kinderlike eerbied die heroïese gees van Dido en die Trojaanse helde vir ons laat herleef. Ek kan die presiese bank gaan aandui waar ek die dag in die sielkundeklas gesit het toe professor Wilcocks oor die wonderwerking van die menslike wil gepraat het. Dink ek aan die skrikbeeld van die Franse omwenteling, sien ek altyd die felle groen en geel van Van Gogh se Sipresbome teen die muur bokant professor Thom se kop. Browning se *Grammarian* wat deur sy singende volgelinge na sy laaste rusplaas op 'n hoë bergspits gedra word, het altyd vir my Wally se tenger gestalte:

„He knew the signal, and stepped on with pride
Over men's pity;"

En Kloos spreek maar steeds tot my met dr. Fransie se stem:

„En heel dit leven is een wond're, bange,
Onzetb're droom, dien eens de nacht weêr vaagt —
Maar in dien droom een droom, vol licht en zangen,
Mijn droom, zoo zoet begroet, zoo zacht beklaagd . . . ."

Dromend in daardie lesingsale het ek die lewe skoon gevind, en diep is my skuld aan hulle wat my oor die drumpel van die werklikheid gelei het na die grenselose ryk van die droom. Daarheen sal my soektog my lei as ek weer na Stellenbosch kon gaan, na die werklikheid van die droom wat ek eenmaal daar gevind het en saam met my geneem het as onverwoesbare geloof deur die jare van my lewe. Dáárheen sal ek terugkeer omdat dít die eintlike, onveranderlike wese is van Stellenbosch: die visioen wat ons die lig gee om harmonie te skep uit die onvolkomendheid wat ons ondervind, die vonk wat die lewe is van alles wat ons deur ons hande of ons verstand of ons verbeelding skep, die krag van die droom waarin ons die smartlikskone lewe aanvaar.

„Want dit is en bly die enigste waarheid: dit is die droom in ons wat nóg die lewe, nóg die dood, nog enige iets anders ons kan ontneem." — *Charlotte Mew.*

Die Konservatorium vir Musiek

deur MNR. R. H. BEHRENS

'N AFDELING van die Universiteit wat in die afgelope jare meer op die voorgrond getree het, is die Konservatorium vir Musiek. Die „Conserve" staan nie alleen sy plek vol as opleidingsentrum vir onderwysers, orreliste en uitvoerders nie; dit dra ook in belangrike mate by tot die algemene musiekkultuur van baie studente wat nie spesifiek hierdie rigting bestudeer nie. In die kader van die bedrywige en dinamiese musieklewe op Stellenbosch het die Konservatorium 'n belangrike rol te speel. 1957 was dan ook 'n besonder aktiewe en suksesvolle jaar in die geskiedenis van die Konservatorium.

As gevolg van die steeds toenemende studentegetalle skep die huisvesting in die ou gebou heelwat probleme. Om hierdie rede het die Universiteit die huis op die hoek van Neethling- en Murraystraat, wat voorheen deur mev. E. Perold bewoon is, tot die beskikking van die Konservatorium gestel. Die huis is mooi opgeknap en besonder doeltreffend as anneks vir die Konservatorium ingerig. Dit bevat drie ruim ateljees en ses oefenkamers. Daar is ook ses pragtige nuwe klaviere aangekoop.

Die ingebruikneming van die anneks het wel tydelike verligting gebring, maar intussen word fondse vir die oprigting van 'n nuwe gebou ywerig ingesamel. Die Vrouevereniging van die Universiteit beywer hom reeds gedurende die afgelope drie jaar om fondse vir hierdie doel in te samel. Die mikpunt is £10,000 en hiervan is meer as £3,000 reeds byeen. Daar lê dus nog 'n lang pad vóór, maar die ideaal is bereikbaar as nie alleen ons ondersteuners plaaslik nie, maar ook alle oudstudente 'n handjie bysit.

Vanjaar het die Konservatorium en die Vrouevereniging saamgespan om die boufonds deur middel van konserte te styf. Daar is in die loop van die jaar 18 konserte op Stellenbosch en omliggende dorpe aangebied, en as gevolg van die geesdrif en samewerking van alle belanghebbendes was dit 'n uiters geslaagde seisoen. Twaalf programme is deur studente van die Konservatorium en die Konservatorium-Strykorkes versorg, vier deur lede van die personeel en twee deur besoekende kunstenaars.

Die besoekende kunstenaars was Sarie Lamprecht (alt) en die Rhodes-kamerkoor o.l.v. Georg Gruber — hulle optrede het groot waardering uitgelok. Die personeellede wat uitvoerings gegee het, was Hubert du Plessis (klavier), Elise de Villiers (viool), Anny Lambrechts (alt) en Johann Potgieter (klavier). Ook hier is die toehoorders vergas op musikale vertolking van 'n hoë standaard.

Terloops, Johann Potgieter, oudstudent van prof. G. van der Spuy, is nou deeltydse dosent aan die Konservatorium. Hy het vanjaar die beurs van die Universiteit van Suid-Afrika verower vir drie jaar klavierstudie oorsee en is voornemens om na Weenen te gaan.

Die Konservatorium-Strykorkes het groot vooruitgang onder die bekwame en geesdriftige leiding van Franco Seveso gemaak en tel nou 20 lede. Dan is daar ook nog die Kamerkoor wat onder leiding van Chris Swanepoel optree. Mnr. Swanepoel het vir drie jaar koorleiding onder die beroemde Thomaskantor van Leipzig, prof. Kurt Thomas, bestudeer.

Met die reëling van vanjaar se reeks konserte is natuurlik heelwat meer beoog as net die insameling van fondse. Die steeds toenemende getal beroemde musici wat Suid-Afrika besoek, hou die gevaar in dat die talent van ons eie kunstenaars verontagsaam word. Aangesien daar 'n spesiale komitee op Stellenbosch is wat hoofsaaklik konserte vir besoekende kunstenaars van oorsee reël, beywer die Konservatorium hom om Suid-Afrikaanse kunstenaars tot hulle reg te laat kom. Deur die aanbieding van musiekprogramme op kleiner dorpe wat gewoonlik nie deur groot kunstenaars besoek word nie, word ook 'n belangrike bydrae tot die bevordering van 'n meer aktiewe musieklewe gelewer. Bowendien bied die konserte waardevolle ervaring in verhoogoptrede aan die studente.

Die programme van die studentekonserte wat 'n interessante verskeidenheid instrumentale en vokale solo- en ensemblenommers bevat, vind groot byval by die gehore. Verskeie versoeke vir konserte in 1958 is reeds ontvang.

Vanjaar is o.a. die volgende dorpe besoek: Tulbagh, Moorreesburg, Riebeek-Wes, Somerset-Wes en Bellville. Die Konservatorium is besonder groot dank verskuldig aan die takke van die V.L.V. wat in die meeste gevalle die plaaslike reëlings vir die konserte getref het. Dié uitstappies word deur die studente en dosente besonder geniet en die stemming in die gehuurde bus na en van die plek van bestemming is een van vreugde en jolyt. Ons is al die vriendelike ondersteuners op die verskillende dorpe dank verskuldig vir hulle gasvryheid.

'n Laaste woordjie oor die Konservatorium se grootste onderneming vanjaar waarmee die jaar se bedrywighede afgesluit is. Dit was die kantate-aand wat eind Oktober op Stellenbosch en Bellville gehou is — 'n gesamentlike optrede van soliste, orkes en koor o.l.v. Chris Swanepoel en Philip McLachlan. Die werke wat uitgevoer is, was „Jesu, meine Freude" (Buxtehude), die Kaffee-kantate van Bach, „Der Schulmeister" (Telemann) en Benjamin Britten se „Ceremony of Carols". Hierdie ongewone werke het veel toegewyde sorg en tyd in die voorbereiding geverg en alle lof kom die uitvoerders toe wat vir 'n aand van onvergeetlike estetiese genot gesorg het. Ons is trots op hulle.

Die Departement van Fisika hou tred met moderne behoeftes

deur PROF. P. B. ZEEMAN

EEN van die verbasende feite van ons moderne tyd is sekerlik die geweldige tempo waarteen nuwe wetenskaplike feite die een na die ander ontdek word. Treffend word hierdie feit geïllustreer deur aan die een kant die byna 150 jaar te beskou wat dit die mensdom geneem het, vanaf Newton se tyd in ongeveer 1660 tot dié van Thomas Young in 1802, om 'n eksperiment uit te voer om te bewys dat lig uit 'n golfbeweging bestaan. Vergelyk daarmee die geweldige vordering wat gedurende die ses jaar vanaf 1939 gemaak is toe Hahn en Strassman die klowing van die uraanatoom in Berlyn ontdek het totdat die eerste atoombom op Hiroshima in 1945 die wêreld wakker geskud het vir die atoomwedloop wat sou volg. Skaars was die atoombom daar of die mensdom het begin streef na die waterstofbom. En waar die eerste van hierdie vernietigingsreuse so groot soos 'n dubbelverdieping-huis was, daar is sy opvolgers nou reeds só klein dat hulle met 'n vuurpyl tot binne-in die stratosfeer geskiet kan word. 'n Mens kry amper lus om te vra wat oor tien jaar sal oorbly om ontdek te word.

Maar waar die mense op die groot wêreldtoneel probeer om mekaar te uitoorlê met geweldige ontdekkings, daar bring dit die probleem mee vir die fisikadosent om te besluit wat hy in sy kursusse moet insluit of weglaat. Al die reusagtige ontdekkings van vandag is vernaamlik die prestasie van die fisika, en waar hierdie geweldige vordering op die gebied van kernfisika die verbeelding van ons jeug beetgepak het, daar is dit ons taak om soveel moontlik van die nuwe ontdekkings in ons leerplanne in te sluit. Tog mag dit nie geskied ten koste van die onderrig van die basiese feite van die fisika nie.

Met die oog op die insluiting van kernfisika in ons kursusse, is daar aan die begin van 1956 'n inleidende kursus in kernfisika vir die derdejaar B.Sc.-studente ingevoer in plaas van die sterrekunde wat vroeër gegee is. In die vierdejaar is 'n seminaarkursus in kernfisika ingevoer waardeur heelwat veld op hierdie gebied gedek word. Ook word in die vierdejaar baie kernfisiese eksperimente uitgevoer en aanverwante tegnieke word geleer. So byvoorbeeld moet die vierdejaarstudente 'n eie gestabiliseerde hoogspanningsbron bou, sowel as 'n dekatron-telsisteem, 'n tweedelertelsisteem en 'n eenheid wat outomaties die tyd aangee nadat 'n sekere aantal impulse getel is. Hulle moet ook alfa-strale in 'n

Wilsonkamer fotografeer, 'n sintillasieteller vir alfa-strale bou, ens.

In die vyfdejaar of tweedejaar M.Sc. word 'n kursus in gevordere kwantummeganika en gevorderde kernfisika gegee. Ook word heelwat navorsingsprobleme op die gebied van kernfisika aangepak. Vanjaar doen vier van die huidige tweedejaar M.Sc.-studente hul tesisse oor kernfisika en aanstaande jaar sal ook etlike sulke probleme aangepak word. Daar is ook 'n spesiale M.Sc.-kursus met radioaktiwiteit as hoofrigting ingestel vir mense wat besonder belangstel in die toepassings van radioaktiewe isotope. Dit word ook in vooruitsig gestel dat gevorderde ingenieurstudente vanaf aanstaande jaar onderrig in kernfisika sal ontvang. 'n Inleidende kursus in kernfisiese toepassings word ook vir M.Sc.-studente van die landbou, biologiese wetenskappe en gevorderde geneeskundestudente voorgestel. Hierdie uitbreidings het noodsaaklik geword, omdat kernfisiese toepassings tans alle gebiede van ons samelewing beïnvloed.

Maar ook op ander gebiede van die vak het daar in die laaste tyd veranderings gekom. So byvoorbeeld bestaan daar tans 'n kursus: M.Sc. in fisika met hoofrigting geofisika. Hierdie kursus word in samewerking met die geologiedepartement gegee. Net so is daar 'n M.Sc.-kursus met hoofrigting spektrochemie, wat weer in samewerking met die chemiedepartement gegee word.

Die totale aantal studente wat fisika neem, het sterk toegeneem in die laaste jare, en wel met 326 sedert 1954. Dit is veral verblydend dat die aantal derdejaar- en M.Sc.-studente baie toegeneem het, van 19 en 2 respektiewelik in 1954, tot 34 en 13 respektiewelik in 1957.

Die personeel van die fisikadepartement bestaan tans uit twee professore, twee senior lektore en twee lektore. Verder is daar twee tegniese assistente en drie gekwalifiseerde fynmeganici. Een van hulle werk feitlik voltyds vir ander wetenskapsdepartemente. Die werkswinkel is 'n baie essensiële deel van die departement, want daar word die apparaat wat benodig word vir navorsing, ontwerp en gebou. Die meganici neem ook die onderrig waar van die laboratoriumvaardigheidskursus waar die M.Sc.-studente leer om glas te blaas en nuttige metaalwerkies te doen. Hierdie vaardighede is noodsaaklik vir die navorser, want dit stel hom in staat om meer onafhanklik sy navorsingswerk voort te sit.

Oor die algemeen voel ons dat die departement tans 'n bloeitydperk beleef weens die groot algemene belangstelling in fisiese tegnieke. Ons land het baie opgeleide fisici nodig en waar ons jeug met groot belangstelling na vore kom om hulself voor te berei vir 'n toekomstaak, daar kan hulle seker daarvan wees dat die personeel van die fisikadepartement gereed staan om hulle te help.

Vyfde Vakansiekursus in Koöperasieleer

deur MNR. W. C. DEMPSEY

DIE Handelsfakulteit het vanaf 30 September tot 4 Oktober die vyfde kursus in Koöperasieleer aangebied. Hierdie kursus het reeds 'n vaste instelling geword en word in samewerking met die Suid-Afrikaanse Landbou-unie gereël en om die beurt in Stellenboch en Potchefstroom gehou. Sowat 'n 100 amptenare en direkteure van koöperasies — 'n hele aantal waarvan oud-Maties is — het vanjaar se kursus bygewoon. Hulle het uit alle dele van die land gekom, van selfs so ver as Lichtenburg en Zeerust in Transvaal en Weenen in Natal.

Die openingsrede is deur mnr. André du Toit, President van die K.P. Landbou-unie, en self ook 'n oud-Matie, gehou. Hy het verklaar dat die jonger geslag nie meer dieselfde idealisme koester as die ou pioniers van koöperasie nie. Hy het gepleit vir 'n sentrale kredietinstelling vir boere wat plaaskrediet kan hanteer en koördineer.

Prof. C. G. W. Schumann het andermaal die reeks lesings ingelei met 'n algemene oorsig van ekonomiese toestande in die Unie. Hy het o.a. gesê dat, afgesien van bv. 'n derde wêreldoorlog, groot stakings, ens., die welvaart

van ons land gedurende die volgende 25 jaar nog sterk sal toeneem. Dit veronderstel verdere industrialisasie en relatiewe agteruitgang van die primêre bedrywe. Suid-Afrika het die natuurlike hulpbronne om hierdie ontwikkeling moontlik te maak en ook die arbeidsgetalle, maar dan sal ons o.a. deur deeglike opleiding, die produktiwiteit per werker moet verhoog.

Mnr. F. van Heerden, besturende direkteur van die Landbank, het die Landbank se rol by die finansiering van landboukoöperasies geskets. Mnr. A. S. Meyer van Malmesbury het die onderwerp verder geneem en die verlening van krediet deur koöperasies aan boere ondersoek. Wetgewing wat koöperasies raak, het hierdie keer ook deeglik aandag geniet. Dr. P. F. S. J. van Rensburg, assistentdirekteur van naturelle-arbeid, het die naturellewetgewing behandel, terwyl mnr. J. M. Cornelius, hoof van die afdeling Nywerheidswetgewing in die Departement van Arbeid, 'n oorsig van die Unie se nywerheidswetgewing gegee het.

Ou staatmakers in die persone van dr. P. G. le Clus en mnr. S. W. Chater was andermaal hier en eersgenoemde het oor koöperatiewe versekering gepraat en laasgenoemde oor die behoefte aan koöperatiewe opvoeding. Lesings is verder ook gelewer deur dr. A. G. du Toit van Bloemfontein en mnr. J. M. Language van Malmesbury.

Die afgelope kursus was veral gedenkwaardig vir die feit dat mnr. J. J. Adams, die alombeminde Registrateur van Koöperasies, vir die laaste keer aanwesig was. Kursusgangers het op paslike wyse hulde aan hom gebring en 'n geskenk oorhandig. Ons het die voorreg gehad om ook vir mnr. D. S. Schmidt, die Assistant-Registrateur, nog 'n oud-Matie, hier te hê. Sowel hy as mnr. Adams het elk ook 'n lesing gegee.

BRIEWEBUS

Dr. M. Boehmke (student at the Victoria College 1897—1900 and for many years principal of the Oudtshoorn Training College) writes:

I am an "old Matie" of the last century when Victoria College had a comparatively small enrolment and few professors whom we thoroughly appreciated, one and all. Dr. W. J. Viljoen, an outstanding scholar and a very eloquent speaker, was the most popular of our professors.

We had two debating societies, the Victoria College Debating Society and the Union Debating Society. The Hon. C. A. van Niekerk, the oldest Matie in Oudtshoorn and now President of the Senate, was an outstanding speaker and debater, as was W. P. Steenkamp. Dr. D. F. Malan was a senior student at the Theological Seminary in my time. He sometimes attended the V.C. Debating Society and always made a good contribution to the evening's programme.

Nederlands and English were the two languages used in debate. Afrikaans was not yet accepted. C. J. Langenhoven argued at the time that Afrikaans had no future; he himself defected his own argument in more mature years. Many students spoke English because their Nederlands vocabulary was limited for debating modern questions.

On the field of sport the terms were English, except the expression "plant hom!" in rugby football. Stellenbosch certainly had some outstanding football players at the end of last century. Many of their names are legendary now. The Theological Seminary contributed some outstanding players and what is more, they made it a game for gentlemanly behaviour.

C. V. Nel and Hendrik Pienaar were fine coaches; they had made a close study of tactics and could speak with authority. There was no "stick discipline" — personality and knowledge of the game were the factors that won status and respect for the good coaches.

In 1908 at Twickenham I saw the Australians play against the Harlequins. The game was not too good and certainly not clean. Some old English gentleman sitting near me said: "These Australians can't compare with the South Africans — South Africa sent a team of gentlemen!" In 1930, when in Edinburgh, the proprietor of an hotel told me: "The South Africans were gentlemen on and off the field."

Years ago when Japie Krige and his wife visited me, I shared with them what I had heard at Twickenham in 1908 and at Edinburgh in 1930. Japie did not even know that he is specially referred to in the Encyclopaedia Brittanica of 1929, 14th edition.

The Springboks of 1906 created a fine impression in the British Isles. Gwyn Nichols of Wales was considered the outstanding three-quarter player of Britain in 1906. He was completely outmanoeuvred by the fair haired and elusive Japie and looked crestfallen in the group photograph taken after the match.

With every good wish for my fellow Maties.

Mnr. D. C. Uys (B.A. 1928), tans hoof van die Hoërskool Zastron, O.V.S., skryf as volg:

„Mag dit met „Matieland" en Matieland baie goed gaan, want ons oudstudente kan maar nie vergeet nie — die alleraangenaamste periode van ons lewe, daar langs die Eersterivier, daar in die klaskamers, op die sportvelde, in die koshuise — toe ons in die lente van ons lewe was en die mooiste lente van ons land, dié van Matieland, in ons harte weerklank kon vind, of dit nou met „lentekoors" gepaard gegaan het al dan nie. Dit was 'n periode van liefhê, somaar alles, wat aan Matieland verbonde was en niks kan die gevoel wegneem nie. Dankie vir „Matieland", want dis 'n skakel met daardie mooiste, wat ons maar eenmaal kon ondervind: al die studenteweelde en al sy platsak wees; al sy onbekommerdheid en al sy bloktyd; al sy eksamens, studies, lesings; al sy verenigings, vergaderings — die vlooifliek en die ou „Rec."; al die sport en Matie-applous, met al die intervarsities en hul sang; al die waatlemoenfeeste en ou Juniordae; al die serenades in dié dae toe die hawaïese ghitaar hoogty gevier het, en al die verlief wees, dáár waar die nooientjies op hul mooiste is. Maar dis verby en met die Hollandse digter moet ons sug:

„Sal nemmermeer gebeuren mij dan nae deze stondt
De vrientschap van u oogen, de wellust van u mondt?"

(Mnr. Uys het in 1928 volkleure in atletiek verwerf en is nog steeds doenig met atletiek en voetbal. Hy was van 1950—1953 hoof van die Volkskool, Welkom, en is sedert 1954 op Zastron. Hy is die skrywer van 'n reeks handboeke in Aardrykskunde, Geskiedenis en Sosiale Studie. Ons bedank hom vir sy gevoelvolle brief.)

Mev. D. Musiol (geb. Louw) van Rietfontein, Pretoria, skryf:

Vergun my om te sê hoe trots ek vanaand op my Alma Mater gevoel het — die uitvoering oor die radio deur die Universiteitskoor was onverbeterlik.

In hierdie tyd wanneer ons Afrikaanse Universiteite aan soveel kritiek onderwerp word, stem 'n uitvoering soos dié 'n mens tot innige dankbaarheid. Ek sou dit op prys stel as u hierdie woorde van waardering aan die koorleier, mnr. P. McLachlan, en die koorlede oordra. As oud-Matie moet ek ruiterlik erken dat hulle beter sing as ons in in 1946—1947, en dis veel gesê, want in sy egoïsme erken geen student graag dat latere studentegroepe beter as sy eie groep kon doen nie!

(Baie dankie, mev. Musiol; die Universiteitskoor stel u belangstelling hoog op prys.)

Mnr. D. G. du Plessis, assistent-agentebestuurder van Sanlam, Bellville, K.P., skryf:

Ek wil mnr. M. H. Pienaar se wenk graag steun, nl. dat alle oudstudente iets sal bydra tot die koste van die druk en verspreiding van „Matieland" — 'n blad wat elke oud-Matie na uitsien en so graag ontvang. Ek reken dat dit 'n slegte refleksie sal werp op ons as oudstudente indien ons sou toelaat dat ons Alma Mater die koste verbonde aan die publikasie van hierdie blad moet dra. Miskien sal die bydraes genoeg wees om die drukkoste te bestry, miskien is hulle selfs genoeg om 'n sterk fonds op te bou wat bestee kan word in belang van die Universiteit. Ek wil baie sterk aanbeveel dat u 'n sirkulêre aan elke oudstudent sal stuur waarin genoem word dat so 'n versoek van die oudstudente self uitgegaan het; aan die sirkulêre kan dan 'n strokie geheg word waarop die oud-Matie kan meld hoeveel hy wil bydra en dan kan hy somaar sy tjekkie saam met die strokie aan u terugstuur.

(Baie dankie vir u ondersteuning en wenk,

mnr. Du Plessis; u sal sien dat ons in hierdie nommer gevolg daaraan gee.)

Mnr. J. A. Spruijt van Dolfstraat 71, Parys, skryf:

Die herrysenis van die Stellenbosse Oud-student as Matieland was vir oud-Maties dwarsdeur die Unie 'n saak van groot blydskap. Die vorm van die blad is reg, die inhoud baie interessant en die buiteblad van nommer 2 besonder aantreklik.

Met die deurblaai van die eerste nommer het twee tafereeltjies, wat hulle vyftig jaar gelede afgespeel het, voor my geestesoog verbygegaan. Een het plaasgevind in die klaskamer van professor Walker. Die klas het op die professor gewag, wat die môre laat was. Een van die kêrels het in die gouigheid 'n tekening van dr. (Pappie) Walker op die swartbord aangebring met die onderskrif „In Memoriam". Kort daarna stap Pappie die kamer binne en met 'n skalkse glimlag op sy gesig betrag hy vir 'n oomblik die tekening op die bord. Hy neem die uitveër, „In memoriam" verdwyn en word vervang deur „Resurgam". Die applous van die klas was 'n erkenning dat Pappie die wendrie in die wedstryd aangeteken het en dat die vervyfskop ook raak was.

Die twee nefies op die portret van „Wilgenhof enig in sy soort" (in Matieland No. 1) stap reg voor my kamerdeur waar die eerste borselepisode in Suid-Afrika hom een middag afgespeel het. Die eerste slagoffer was Anton Stegmann. Daarna het ek 'n afranseling gekry en in 'n ommesientjie het al die deelnemers aan die beurt gekom. Voor die aandete het die hele Wilgenhof deurgeloop. Vandag word daar deur leerlinge en studente dwarsdeur die land geborsel en reis die borselinstelling saam met ons Springbokke na Brittanje, Australië en Nu-Seeland.

Veels geluk, „Matieland"! Ons wens jou toe 'n lang, voorspoedige en vrugbare bestaan.

Prof. M. S. Taljaard van die Departement van Geologie skryf onder die opskrif „Die vuurheid vir wysheid uit die rooi kole":

In die nabye toekoms sal daar op Stellenbosch die Langenhoven-Gedenksaalgebou staan. Een en almal wat dit moontlik gemaak het dat die nagedagtenis van ons Sagmoedige Neelsie so vasgelê word, sal 'n stille wensie oor die aangeleentheid daarop nahou.

Mag ek hierin vir diegene wat met die bou daarvan gemoeid is, ook my nederige wens bekend maak? Miskien sal dit 'n weerklank vind ook by ander wat op hulle manier ook wil bydra en saamspan.

'n Museum is 'n soort van doodse plek. Ook 'n publieke plek, en in hom is dit swaar om die onsterflike gees van 'n mens aan te voel. Die Langenhoven-Gedenksaalgebou sal vol lewende wesens wees: studente en dosente en besoekende oudstudente. Geslagte van oud-Maties sal dit betree en besigtig. Kan ons nie, bowe en behalwe die ruimte vir toneel en lees en gesellige samesyn, ook die vaderlandsagtergrond skep, sodat Neelsie se gees, dáár, met ons kan tuis voel nie? Wil ons nie hê dat die herkomsdinge van Neelsie se mense daar moet wees nie? En wie was sy mense? Ons mense. Ons mense van die meelbak en die wafelpan en die Statebybel en die kandelaar. Ons mense, soos die Van Asse en Volschenk, Naude en Wenning, die Combrincks en Lotters, Cilliers, Pierneef, Mayer, Grosskopf, Preller en Malherbe. Die mense wat vóór en saam met Langenhoven vir ons kultuurskatte geskep het. Waar kan ons liewer 'n vuurherd van die onsterflike vuur wil aanlê as in so 'n gebou? Is daar nie 'n plekkie vir ons mooi dinge wat ons nie in die koue grafkelder-atmosfeer van 'n museum wil agterlaat nie? Wat in Arbeidsgenot is, moet daar bly, maar daar is ook 'n ander tuiste vir Langenhoven se gees, en dit is hier op Stellenbosch waar hy student was en waar hy altyd gelukkig was as hy met studente kon verkeer.

Sal ons nie één lokaal wil afstaan aan die beste skeppinge uit ons volkskunste nie? Dan kan die studente daagliks sien wat volksdierbaar is en in elkeen van hulle 'n liggie aangesteek kry om saam te dra op die buitepaaie.

'n Paar van ons neem nog vandag notisie en heg waarde aan die dinge wat nie reeds verkwansel en uitgevoer is nie. Die paar wat nog versamel, sal weer moet uitdeel en in wie se hande beland die boedel? Alles sal nie paslik wees nie, maar 'n klompie sal onmisbaar wees. Laat ons dit skenk vir 'n Africanakamer in die Langenhoven-Gedenksaal, in leengebruik aan dié geesteswoning en aan die siel van ons studerende jeug.

Van HEINDE en VERRE

Mej. Alta (A. S.) de Kock (H.P.O.D. 1949) is instruktrise in Naaldwerk aan die Skool vir Dowes te Worcester, en skryf geesdriftig oor die besondere en prikkelende ondervinding wat sy daar opdoen.

Mnr. Pieter (P. S. M.) de Klerk (Spesiale Landboustudent 1928) van Deklerksdal, East Poort, K.P., stuur 'n paar kiekies uit die ou dae van die „pawiljoenveld" — die ou sportterrein waar die Carnegie-biblioteek en Administrasiegebou later verrys het. „Dis in daardie dae toe ons juniors vir oom Polla en oom Jan Pienaar gevang en op die ringmuurpilaartjies staan gemaak het en hulle gedwing het om die skoolseuns huistoe te stuur. Oom Polla se woorde was: „Ek sê onder kompulsie hulle kan maar loop!" Dit het baie gekos om hom te laat toegee."

Mnr. J. H. Smith (Dipl. in Natuurstudie 1935, Cum laude) is verbonde aan die Hoër Seunskool, Cradock.

Mnr. Thys Uys van Van Reenen moes in 1949 sy kursus aan die Universiteit staak en het toe privaat sy studies in die ingenieurswese voortgesit en in 1956 die diploma A.M.I.E.T. behaal.

Mej. M. E. Grosskopf van Stellenbosch, is een van die baie lesers wat waarderend oor ons blad skryf: „Dis 'n plesier om dit te hanteer veral ten opsigte van die goeie papier — so anders as die koerantagtige papier waaraan 'n mens al gewoond geraak het. Sal u nie probeer om elke keer 'n ander portret op die buiteblad te hê nie?" (Ja, dis ons beleid, mej. Grosskopf; ons hoop u hou van die foto's.)

Mnr. P. J. Maree (B.Sc. 1919) het in 1954 afgetree as vise-hoof van die Vryheidse Hoërskool maar is sedertdien weer daar in die tuig as assistent.

Mnr. M. P. Marais (B.A. 1926, B.Ed. 1939) het verskeie onderwysbetrekkings in Kaapland en Natal beklee en is nou hoof van die Hoërskool, Vryheid, Natal.

Mnr. D. Brand (B.A. 1924) gee onderwys aan die Hoërskool, Vryheid, Natal.

Mnr. L. P. Naude (M.A. 1944) is nou Administratiewe beampte in die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap te Pretoria.

Ds. S. J. Serfontein (B.A. 1936) van Parys, O.V.S. is een van die baie lesers wat sy waardering en dankbaarheid vir „Matieland" uitspreek.

Mnr. W. du Toit (B.Sc. 1945; S.O.D. 1946) is verbonde aan die Hoërskool Ficksburg en skryf as volg: „Hier is somaar baie oud-Maties in Ficksburg en ons skool word goed verteenwoordig op Stellenbosch. Jaarliks stuur ons twee of drie daarheen — en van ons beste leerlinge. Albei ons predikante is manne wat nog saam met my op Stellenbosch was, nl. Petrie van Niekerk en Jan Hanekom. Laasgenoemde het so pas 'n beroep na Rondebosch aangeneem. Ek wil u graag gelukwens met „Matieland". Soos ek vir my vrou gesê het, dit het somaar gevoel of ek weer al my hare op my kop het en in my verbeelding was ek weer op Stellenbosch terug. Ek kom darem nog gereeld elke jaar gedurende Januarie vir 'n dag of drie daar en soek dan al die ou hoekies op." (Baie dankie, mnr. Du Toit; ons hoop u sal by die Inligtingsburo inloer wanneer u weer op Stellenbosch kom.)

Dr. T. P. Human (M.Sc. Landb. 1944), wat later aan die Oregon State College, V.S.A. 'n doktorsgraad in voedseltegnologie behaal het en nou bestuurder is van 'n inmaakfabriek in Politsi, Noord-Transvaal, skryf: „Die rubriek *Van Heinde en Verre* vind ek besonder interessant. Toevallig het ek in die jongste nommer 'n maat van my wat ek al lankal wou opspoor, se adres gesien en gevolglik kan ek hom nou gaan opsoek. Dit sal goed wees as hierdie afdeling van u blad meer uitgebrei kan word. Ek stem saam met mnr. M. H. Pienaar dat die oudstudente gerus kan bydra tot 'n „Matieland"-fonds."

Nuus van Oud-Matiebond-Takke

UMPA

U M P A, die Vereniging van Oud-Maties aan die Witwatersrand, het 'n gesellige partytjie op 23 Augustus ll. gereël, by watter geleentheid mnr. Piet Meiring, Direkteur van Staatsinligting, die woord gevoer het. 65 lede was teenwoordig en die volgende nuwe Bestuur is gekies:

Mnr. A. J. Theron — Voorsitter (B.Sc. 1922)
Mnr. P. J. Botes — Sekretaris (B.Sc. 1951)
Mnr. H. Hendriks — Penningmeester (B.Comm. II. 1944)
Mnr. B. de Klerk; G. J. Pienaar en Mej. M. Retief — Add. lede

OUDTSHOORN

Mnr. A. A. J. van Niekerk, sekretaris van die Oudtshoorn-tak van die oud-Matiebond, skryf as volg:

Die Bestuur van die Oudtshoorn-tak het dit goed gedink om in die lig van die doelstellinge van die Bond 'n sametrek van oud-Maties in Oudtshoorn en omgewing te reël.

Op Saterdagmiddag 21 September het 'n redelike groot aantal dan ook hulle opwagting gemaak op die plaas Welbedacht waar 'n oud-Matie, mnr. Joey Potgieter 'n braaivleis gereël het. Onder die oud-Maties was mnr. P. K. le Roux, L.V., dr. Smuts, hoof van die Tegniese skool, mnr. A. Sommers, hoof van die Langenhoven-Handelskool en di. De Jager en Theunissen.

Mnr. Dan Maree, een van die twee oud-Maties wat heel eerste die B.Comm.-graad op Stellenbosch verwerf het, het 'n aantal baie kostelike staaltjies uit sy dae vertel.

Veral die ou oud-Maties toon besondere belangstelling in die bedrywighede van die bond. 'n Baie groot aantal is al ingeskryf as lede van die Oudtshoorn-tak, o.a. Sen. C. A. van Niekerk, president van die Senaat, mnr. E. Terblanche L.U.K., en dr. Boehmke, oud-hoof van die Oudtshoornse Opleidingskollege.

WELLINGTON

Dr. George Wassenaar, die ywerige sekretaris van die tak op Wellington, stuur 'n aantal nuusbrokkies en meld die volgende interessante feite oor Wellingtonse oud-Maties: (1) Daar is sowat 70 oud-Maties op Wellington woonagtig; (2) die oudste oud-Matie is prof. C. Kies van die Sendinginstituut (1903—1906); (3) die meerderheid se studiejare val tussen 1930—1940; (4) Dagbreek word die beste onder die oud-Maties verteenwoordig met Wilgenhof kort op sy hakke.

PRETORIA

Die Tak van die Oud-Matiebond te Pretoria het vanjaar 'n voorspoedige jaar beleef. Die bestuur wat verkies is, is saamgestel uit besondere gewillige en aktiewe persone en dit was dan ook altoos 'n plesier om 'n funksie te reël of 'n bestuursvergadering te belê. Die bestuur bestaan uit die volgende: Voorsitter: Mnr. H. C. Raubenheimer; Ondervoorsitter: Dr. J. J. D. Willers; Sekretaris: Mnr. A. J. Esterhuyse (telefone 26404 en 70-6903); Penningmeester: Mnr. B. van Staden; addisionele lede: Dr. M. M. Loubser, Mev. A. J. Raubenheimer, Dr. D. J. van Zijl, Mnr. E. P. Evans en Mnr. J. P. de K. Mostert.

Vanjaar is in alle erns die taak aangepak om Oud-Maties in Pretoria op te spoor en 'n ledelys saam te stel. Tans verskyn die name en adresse van 630 Oud-Maties op die lys. Ook is die Plaaslike Reëls (Grondwet) van die Tak opgetrek en sal voorgelê word aan 'n Ledevergadering vir goedkeuring. Hierdie is 'n besonder deeglike stuk werk.

Die Bestuur wil graag die volgende Oud-Maties gelukwens met die onderskeiding wat hulle te beurt geval het: *Dr. T. E. W. Schumann*, wat afgetree het as Hoof van die Weerburo en nou lid is van die Staatsdienskommissie, asook benoem is as direksielid van Volkskas; *Dr. M. S. du Toit* wat aangestel is as Sekretaris van Landbou; *Dr. P. W. Vorster* wat aangestel is as Direkteur van Tegniese Dienste, departement van Landbou; *Dr. P. Henning* wat aangestel is as Onder-Direkteur van Tegniese Dienste van die departement van Landbou; *Dr. W. C. Naude* wat vroeër gesant was in Bonn en met bevordering

terugverplaas is; *Mnr. J. P. van R. van Wyk* wat aangestel is as algemene Sekretaris van die S.A. Wolraad en die Nasionale Wolkwekersvereniging van S.A.; *Mnr. Manie Malherbe* (dept. Bosbou) wat as regeringsverteenwoordiger na Australië gestuur is vir 'n konferensie oor Bosbou.

WINDHOEK

Dit lyk asof die oud-Matiebond van Suidwes wakker en aktief is. Die tak was die enigste een wat die besondere prestasie behaal het om £100 ten behoewe van die Geneeskundige Fakulteit van die Universiteit in te samel.

Met Intervarsity vanjaar is 'n baie geslaagde funksie saam met die Oud-Ikeys van Windhoek en omstreke gereël. Dit was so 'n treffer dat die geesdrif hoog opgevlam het, selfs van mense wat nog maar altyd laks was. Daar was selfs mense van Swakopmund, Walvisbaai, Otjiwarongo en Gobabis.

Die volgende Bestuur is in Augustus gekies:

Mnr. A. Franzsen (M.Sc. 1941) — Voorsitter
Mnr. G. J. Coetzee (B.Sc. 1944) — Sek.-Tes.
Mej. B. Lombard, Mnr. D. Barnard (M.A. 1941), Mnr. C. van Doorn (B.Sc. 1955) — Add. Lede

Stigting van Nuwe Takke van die Oud-Matiebond

SOOS ons in die vorige nommer van *Matieland* aangekondig het, het die Rektor van die Universiteit, prof. H. B. Thom, en die Inligtingsbeampte, mnr. P. J. Lombard, op 23 Julie na die Suidwestelike Distrikte en die Oostelike Provinsie vertrek om behulpsaam te wees met die stigting van oud-Matiebondtakke op Mosselbaai, George, Oudtshoorn, Graaff-Reinet, Middelburg, Cradock en Oos-Londen.

Die Rektor het by elke geleentheid die aanwesiges toegespreek oor die nuwe verwikkelinge aan die Universiteit met spesiale verwysing na die Fakulteite van Geneeskunde, Ingenieurswese en Bosbou en die kursusse in Krygskunde, Voedseltegnologie en Biblioteekkunde. Ten slotte het die Rektor verklaar dat die Universiteit van Stellenbosch voortbou op sy tradisie van diens.

Voordat die takke formeel gestig is, het die Inligtingsbeampte die Konstitusie van die oud-Matiebond verduidelik.

Hier volg nou 'n kort verslag i.v.m. die stigting van die oud-Matiebondtakke op die genoemde plekke.

MOSSELBAAI

Die oud-Maties van Mosselbaai het Dinsdagaand, 23 Julie, in die N.G.-Kerksaal vergader en die volgende bestuur is gekies:

Ds. I. L. Vos (B.A. 1948) — Voorsitter.
Ds. H. L. Pepler (B.A. 1927) — Ondervoorsitter.
Mnr. M. J. O. Marais (B.A. 1940) — Sekretaris.
Mnr. J. L. Jordaan — Penningmeester.

Die sekretaris se adres is: Punt-Hoërskool, Mosselbaai.

Na afloop van die verrigtinge het die hele groep na 'n naburige kafee gegaan waar interessante staaltjies uit die ou dae vertel is. Dit was baie duidelik dat die oud-Maties van Mosselbaai se harte nog warm klop vir Stellenbosch.

GEORGE

Die oud-Maties van George het gesorg vir 'n opkoms van 62 persone wat by 'n puik dinee aangesit het, met 'n enorme Matieroset teen die muur agter die hooftafel om die nodige atmosfeer te skep. Baie dank kom mnr. Fella Scholtz en mev. Rosemary Scholtz (geb. Hofmeyr) en hulle helpers toe vir die uitstekende organisasie. Die gees was reg en 'n baie genoeglike aand is deurgebring.

Na die tak van die Oud-Matiebond formeel gestig is, is die volgende Bestuur gekies:

Dr. P. K. Albertyn (1918—1920) — Voorsitter.
Mnr. B. P. Clur (B.A. 1925; B.Ed. 1930) — Onder-voorsitter.

Mnr. F. Scholtz (B.A. 1953) — Sekretaris.
Mnr. C. J. Botha — Penningmeester.

OUDTSHOORN

Op Oudtshoorn is 'n gesamentlike vergadering van Oud-Maties en die Afrikaanse Leeskring wat meestal uit oud-studente van Stellenbosch bestaan, gereël. Van die 41 aanwesiges was 33 oud-Maties. Die vergadering is in die musieksaal van die Meisieskool gehou en is deur 'n besonder aangename gees gekenmerk. Na die formele verrigtings is verversings bedien en staaltjies uit die studentedae gewissel.

Die volgende Bestuur van die oud-Matiebondtak is gekies:

Mnr. A. P. Sommers (B.A. 1926; B.Ed. 1928) — Voorsitter.
Mnr. D. J. Maree (B.Comm. 1925) — Onder-voorsitter.
Mnr. A. A. J. van Niekerk (M.A. 1956) — Sekretaris.
Mnr. C. J. Beukes (B.Sc. 1946) — Penningmeester.
Mej. M. Horn (B.A. 1938) — Add. lid.

GRAAFF-REINET

Twee-en-dertig oud-Maties was teenwoordig toe die Rektor en die Inligtingsbeampte die tak van die oud-Matiebond op Graaff-Reinet gestig het. Die reëlingskomitee het gesorg vir 'n heerlike dinee wat die aangename en gemoedelike stemming verhoog het.

Die volgende Bestuur is gekies:

Dr. J. van Schalkwijk (B.A. 1903) — Erepresident.
Mnr. N. A. Blanckenberg (B.A. 1925; M.Ed. 1940) — Voorsitter.
Mnr. G. J. A. Smit (M.A. 1931; M.Ed. 1933) — Onder-voorsitter.
Mnr. D. Vermaak (M.Sc. 1952; M.Ed. 1956) — Sekretaris.
Mnr. J. S. Burger — Penningmeester.

MIDDELBURG

Die vergadering het by die Grootfonteinse Landboukollege plaasgevind en is deur 32 oudstudente bygewoon. Weer eens is verversings aangebied en gesellige gedagtes oor die „goeie ou studentedae" gewissel.

— — — INTEKENVORM — — —

DIE SIRKULASIEBESTUURDER,
DIE HUISGENOOT, Posbus 1802, KAAPSTAD.

Geagte Heer,

Hiermee teken ek in op DIE HUISGENOOT, waarvoor ek die som van £..... vir 12 maande/6 maande insluit

Stuur dit aan:

NAAM .....

ADRES .....

.....

.....

Datum .....

Ek is 'n ou/nuwe intekenaar. (Haal deur wat nie van toepassing is nie.) (S.K.)

INTEKENGELD

	1 jaar	6 maande
UNIE	£1 15 0	17/6
RHODESIË	£1 17 0	18/6
BUITELAND	£2 10 0	25/0

As betaling per tjek geskied voeg asb. bankkommissie by.

Deur 'n gereelde intekenaar te word kan u aansienlik bespaar, want dan ontvang u DIE HUISGENOOT vir 'n hele jaar teen slegs 35/- (vir 6 maande teen 17/6).

Vir die gerief van voornemende intekenare plaas ons hiernaas 'n intekenvorm.

Die volgende Bestuur is gekies:
Dr. T. F. le Roux (B.Comm. 1931) — Voorsitter.
Mnr. J. A. J. van Rensburg (B.Sc. 1927) — Onder-voorsitter.
Mnr. S. H. Laubscher — Sekretaris.
Mnr. G. du Toit — Penningmeester.

CRADOCK

Die vergadering is in die biblioteek van die Hoër Seunskool in aanwesigheid van 44 oud-Maties gehou. Die reëlingskomitee het vir heerlike verversings sowel as uitmuntende sang- en klaviernommers gesorg.

Die volgende Bestuur is gekies:
Mnr. J. B. de Jager (B.Sc. 1929) — Voorsitter.
Mnr. A. B. du Toit (B.A. 1932) — Onder-voorsitter.
Mnr. Herman Bekker (M.Sc. 1944) — Sekretaris.
Mej. S. E. Heyns (H.P.O.D.) — Penningmeester.
Mnr. G. J. van Lill (B.A. 1939; M.Ed. 1955) — (van Hofmeyr) Add. lid.

QUEENSTOWN

Daar bestaan reeds 'n tak van die oud-Matiebond op Queenstown, dus kon die formele verrigtings beperk bly tot 'n uiteensetting deur die Rektor van die nuwe ontwikkelings aan die Universiteit. Die vergadering is aan huis van mnr. T. W. Dreyer, inspekteur in die Dept. van Naturellesake, gehou en is deur 'n aantal geesdriftige oud-Maties bygewoon.

OOS-LONDEN

Die oud-Maties van Oos-Londen en omstreke het ook 'n gesellige dinee in 'n plaaslike hotel gereël, waar die Matie-geesdrif hoog geloop het. Daar was 37 aanwesiges.

Die volgende Bestuur is gekies:
Mnr. B. D. Blommaert (B.Ed.Ph. 1942) — Voorsitter.
Mnr. C. D. Marx (M.A. 1929) (van Kingwilliamstown) — Onder-voorsitter.
Mnr. Jan Preuyt — Sekr.-Penningmeester.
Mevv. Blommaert (B.A. 1939) en C. Fourie (B.A. 1952).
Mnre. B. Grove (B.A. 1938; B.Ed. 1940) en A. du Toit (B.Sc. 1942) — Add. lede.

Vir alles in

MUSIEK-

en die beste in

HUISHOUDELIKE BENODIGDHEDE



Takke dwarsdeur Suid-Afrika

Nou

is die tyd om te verseker teen

ONGEVALLE

U kan bes moontlik een van die 524* slagoffers van padongelukke wees wat gedurende hierdie week in Suid-Afrika gaan plaasvind. Is u gedek vir geval 'n ongeluk u inkomste affekteer? Is u genoegsaam gedek? Vir u eie gemoedsrus sal dit beslis die moeite werd wees om seker te maak hiervan. En SANTAM se deskundige diens is gratis tot u beskikking. Moenie onnodig risiko loop nie. Dit is *nou* die tyd om seker te maak van u ongevalleversekering. Tree vandag nog in verbinding met u naaste Santam-kantoor of -verteenwoordiger.

Santam

VIR VEILIGHEID

Vir Ongevalle- Motor- Brand- en Diefstalversekering raadpleeg

SANTAM VERSEKERINGSMAATSKAPPY BEPERK

HOOFKANTOOR: WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

**Syfers uit amptelike Maandbulletin van Statistiek.* ST-15a

Bank Suid-Afrikaans,
bank by VOLKSKAS
dis u eie Bank

VOLKSKAS

BEPERK

HOOFKANTOOR: PRETORIA

ARBEIDSAAMHEID

(Geregistreerde Handelsbank)

My naam is Wynand.
Ek sorg vir Ria.
Ons geld lê saam
by Saambou.
Ons huis staan
al dakhoogte.

SAAMBOU

SAAMBOU

(PERMANENTE)
BOUVERENIGING

Hoofkantoor: Saambou-gebou, h/v Burg- en Kasteelstraat, Kaapstad. **TAKKE EN AGENTSKAPPE ORAL IN DIE UNIE EN S.W.A**

vz. 9

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk. — Elsiesrivier

Ou Meester
Likeurbrandewyn
Beste Brandewyn in die Britse Ryk
Bekroon met Eersteprys en Goue Medalje
Half-eeuse Wynskou Londen 1950
V.S.O.B
LIKEUR BRANDE
OUD Br



Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hulle strewe na die beste, leef voort in die vervaardiging van Rembrandt VAN RIJN sigarette. 'n Volmaakte pakkie sigarette is die saamgestelde resultaat van talle klein verbeterings. In Rembrandt VAN RIJN is hierdie doel verwesenlik.

Dit is gemaak vir diegene wat liewer rook vir genot as bloot uit gewoonte . . . en vir wie prys sekondêr is. As u 'n kieskeurige roker is, weet ons dat u meer genot uit VAN RIJN sal kry. Koop gerus nog vandag 'n pakkie VAN RIJN. Die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuk . . . en die beste.

Rembrandt
VAN RIJN
FILTER DE LUXE

DIE WÊRELD SE EERSTE LANG SIGARET MET FILTERMONDSTUK

VRFA — 51 Q